# HIER IS ONS STUUR ONS

OOSTELIKE SINODE

— 2022 AGENDA —

**NG KERK**

**OOSTELIKE SINODE**

# AGENDA

**VIR DIE TWINTIGSTE**

**SINODESITTING**

**1 TOT 3 AUGUSTUS 2022**

# INHOUDSOPGAWE

**WELKOM** ..... **1**

**VOORWOORD** ..... **3**

**KAART NA PIERRE VAN RYNEVELD** ..... **4**

**SINODELIED** ..... **5**

**WAARDES** ..... **7**

**PROGRAM 2022** ..... **8**

**1. ONS SINODE-FAMILIE VERGADER** ..... **11**

**2. VERKIESING SINODALE DIENSRAAD** ..... **25**

**3. VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD** ..... **28**

**4. VERSLAG OOR DIE BEDIENINGE VAN OOSTELIKE SINODE** ..... **33**

**5. AFVAARDIGING NA ALGEMENE SINODE 2023** ..... **34**

**6. DIE OOSTELIKE SINODE SE BELEID OOR FONDSE** ..... **36**

**7. BYDRAES TOT GESAMENTLIKE BEDIENING (BGB)** ..... **44**

**8. SINOOS SEËN** ..... **51**

**9. DIE GEMEENTE AS EVANGELIS** ..... **53**

**10. VORDERINGSVERSLAG OOR MOONTLIKHEDE VIR GEMEENTES WAT NIE MEER DEEL VAN DIE ALGEMENE SINODE-VERBAND WIL WEES NIE.** ..... **54**

**11. OM GEMEENTE TE WEES NA 'N PANDEMIE** ..... **58**

**12. OOSTELIKE SINODE SE GEMEENTES VAT HANDE MET DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD (CMR)** ..... **62**

# WELKOM

as afgevaardigde

by die

20ste sitting van die

## OOSTELIKE SINODE

Ons kom by die NG Kerk Pierre van Ryneveld bymekaar.

# VOORWOORD

Baie welkom by die 20ste sitting van die NG Kerk Oostelike Sinode. Die saamwees van kollegas, vriende, medegelowiges maak van 'n sinodesitting 'n baie spesiale geleentheid.

Mag hierdie drie dae vir jou 'n mooi ervaring wees wat jou opnuut inspireer om met nuwe geloofsenergie jou roeping in die kerk van Jesus Christus uit te leef.

Ons oortuiging in hierdie dae is steeds: "Hier is ons. Stuur ons, Here!"

**FRANCOIS RETIEF**
**UITVOERENDE AMPTENAAR**

**1 Augustus 2022**

# KAART NA PIERRE VAN RYNEVELD

Hierdie kaart dui aan waar die gemeentesentrum van Pierre van Ryneveld geleë is. 'n Maklike manier om vanaf die Ooste die terrein te bereik, is om vanaf die N4 Witbank (eMalahleni) snelweg die Solomon Mahlangu-rylaan-afrit (voorheen Hans Strydom) te neem. Nadat die pad bokant die N1 Pietersburgpad (Polokwane) verby is, word by die eerste verkeerslig links gedraai. Volg dan die kaart verder.

# SINODELIED

Woorde & Melodie: U Trümpelmann
(Aug 1999)




Ons wil ons hele lewe wy
F.Clasen
G.Agenbag
1.Ons wil ons he-le le-we wy aan God die Va-der Seun en
2.Die lief-de van die Chris-tus kruis om-vou die hart van el-ke
Gees aan Hom wil ons ge-hoor-saam wees en al-tyd
mens ge-na-de ken geen perk of grens ja, al-mal's
na-by aan Hom bly huis Ons dien die
wel-kom in sy
He-re as sy kerk Sy gees het ons hier saam ge-bind en
el-ke groot-mens, el-ke kind, is
deel van God se lief-des-werk

# WAARDES

Een: Ons wil voor God leef, soos Jesus Christus ons geleer het.

Twee: Ons wil besluite neem, wat berus op die Bybel en ons belydenis.

Drie: Ons wil soos 'n gesonde familie in goeie, liefdevolle verhoudings met mekaar leef.

Vier: Ons wil sensitief wees vir die veranderende manier, waarop mense die wêreld verstaan en daarin leef.

Vyf: Ons wil ruimte maak vir God se ryke verskeidenheid van mense en gemeentes.

Ses: Ons wil met God se liefde uitreik na die nood van die wêreld.

Sewe: Ons wil groei in verhoudinge met gelowiges van ander kerke.

# WERKSAAMHEDE VAN DIE SINODE

**Ons Familiereëls Bepaling 31 - Werksaamhede van die Sinode**

31.1 Die Sinode fokus op werksaamhede wat slegs die Sinode kan doen met betrekking tot:

31.1.1 predikante en hulle bediening;

31.1.2 die kerkverband (gemeentes, ringe, ander Sinodes, die Algemene Sinode) en ander Kerke;

31.1.3 die breër gemeenskap veral in ons sinodale gebied.

31.2 Die Sinode gee leiding, bepaal beleid en skep strukture om hieraan uitvoering te gee.

31.3 Elke saak op die tafel van die Sinode word beoordeel volgens die punte hierbo. Indien dit daaraan voldoen, word dit in prioriteitsorde hanteer.

*Die Sinode wat Hoor, Dien en Lei .....*

# PROGRAM 2022

## MAANDAG 1 AUGUSTUS 2022

**08:00 Registrasie van afgevaardigdes begin**

10:00 **Sessie 1**
Welkom, konstituering en praktiese reëlings - Uitvoerende Amptenaar

10:45 Openingsboodskap: Dirkie van der Spuy, voorsitter van die Sinodale Diensraad

11:30 In Memoriam

11:45 **Sessie 2**
Verkiesing van die voorsitter en onder-voorsitter
Moontlike wysiging aan Reglement 2
Verslag van die Sinodale Diensraad

12:45 Middagete

13:30 **Sessie 3**
Kenmekaar nuwe leraars
Verkiesing van die voorsitter
Verslag van die Sinodale Diensraad (vervolg)
Oostelike Sinode se bedieninge

15:30 Koffietyd

16:00 **Sessie 4**
Kenmekaar nuwe leraars
Oostelike Sinode se beleid en proses oor fondse

17:50 Gebed

18:00 Verdaag

## DINSDAG 2 AUGUSTUS 2022

09:00 **Sessie 5**
Lofprysing en Wydingsgeleentheid

09:45 Die gemeente as evangelis...
"Hier is ons. Stuur ons, Here..."

11:00 Teetyd

11:30 **Sessie 6**
Die gemeente as evangelis... (vervolg)
"Hier is ons. Stuur ons, Here..."

13:00 Middagete

14:00 **Sessie 7**
Wegbreeksessie in ringsverband: gemeentes en ringe en sinode
Aanwys van ringe se verteenwoordigers op Sinodale Diensraad

15:30 Koffie

16:00 **Sessie 8**
Kenmekaar nuwe leraars
Verslag oor moontlike alternatiewe vir kerkverband
Gemeente-wees ná Covid19

18:20 Afsluiting

18:30 Verdaag

## WOENSDAG 3 AUGUSTUS 2022

09:00 **Sessie 9**
Lofprysing en Wydingsgeleentheid

09:45 Oostelike Sinode se gemeentes vat hande met die Christelike Maatskaplike Raad

11:00 Teetyd

11:30 **Sessie 10**
Bedankings

Lofprysing

13:00 Verdaag

# 1. ONS SINODE-FAMILIE VERGADER

## 1.1 VOORAF

### 1.1.1 Plek

**1.1.1.1** Ons vergader weer by die gemeentesentrum van die **NG Kerk Pierre van Ryneveld**.

### 1.2.2 Registrasie

**1.2.2.1** Registrasie vind plaas op **Maandag 1 Augustus 2022** tussen **08:00 en 09:45**. Daar is duidelike aanwysingsborde na die saal waar die registrasietafels is. Die tafels is gerangskik volgens die name van die gemeentes.

**1.2.2.1** Gemeentes het reeds geloofsbriewe ingedien. Primarius-afgevaardigdes wie se name op die **geloofsbriewe** van die gemeente verskyn, kan registreer. In gevalle waar die primarius nie ter vergadering kan wees nie, kan die sekundus-afgevaardigde registreer.

**1.2.2.2** Gemeentes wie se afvaardiging verander het, moet met 'n **nuwe gewysigde geloofsbrief** van die kerkraad by die Uitvoerende Amptenaar aanmeld.

**1.2.2.3** Afgevaardigdes ontvang tydens registrasie **naamkaartjies** wat ook die nommer van die sitplek waar die persoon sit, aandui. Hierdie naamkaartjies moet die hele tyd gedra word: dit gee toegang tot die vergaderlokaal.

**1.2.2.4** **Persone wat ná die formele registrasie-proses opdaag**, moet eers by die **Notulespan** in die Administrasiekamer aanmeld sodat die nodige dokumentasie gedoen kan word. Hulle ontvang dan ook dáár 'n naamkaartjie wat hulle toegang tot die vergaderlokaal verleen.

**1.2.2**.5 Afgevaardigdes neem om 09:45 hulle plekke soos toegedeel, in.

## 1.2 WELKOMSWOORD OM 10:00

**1.2.1** Die voorsitter van die Sinodale Diensraad, ds Dirkie van der Spuy, verwelkom afgevaardigdes by die Sinodesitting. Hy doen 'n gebed.

**1.2.2** Die voorsitter van die kerkraad van die NG Kerk Pierre van Ryneveld, Pieter van Rooyen, verwelkom afgevaardigdes by die gemeente.

## 1.3 KONSTITUERING

**1.3.1** Kennis van die Sinodesitting asook die geloofsbrief is aan gemeentes gestuur op **17 Maart 2022**. Die Kerkbode is ook van die Sinodesitting in kennis gestel op **2 Maart 2022**.

**1.3.2** Die naamlys van afgevaardigdes wat tot 7 Julie ontvang is, is as volg:

| PREDIKANTE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Alkmaar** | Johannes (CJ) Van der Merwe | |
| **Amersfoort** | | Coenie (CJ) Dafel |
| **Amsterdam** | | Jaap (JPJ) Naudé |
| **Badplaas** | | |
| **Barberton** | Pieter (PA) Malherbe | Ben (BC) Theron |
| **Basileia** | Marius (AM) Nel<br>Louis (LPJ) Cloete | |
| **Belfast** | Jan (JH) Potgieter | |
| **Blinkpan** | - | |
| **Breyten** | Marius (MS) Smit | Andries (JS) Rautenbach |
| **Bronkhorstspruit** | Tertius (T) Erasmus | |
| **Burgersfort** | Johan (JPT) Koen | Pieter (DJ) Winterbach |
| **Carolina** | Thinus (MF) Prinlsoo | |
| **Chrissiesmeer** | - | |
| **Debruinpark-Ermelo** | Herman (H) Matthee | Dif (DF) Ehlers |
| **Dennesig** | Vollie (RM) Gilfillan | Frans (FJC) Greyling |
| **Doornkloof** | Emile (E) Rademeyer<br>Chris (CdeV) Swart<br>Nelis (CJ) Lindeque | Renita (RE) Jordaan<br>Natasha (N) Meyer |
| **Elarduspark** | Lieze (LF) Meiring<br>Christian (C) Oberholzer<br>Maartje (M) van der Westhuizen<br>Danie (DB) Vermaak<br>Leon (LE) Westhof | |

| PREDIKANTE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Ermelo** | Jaco (PJG) van Niekerk<br>Luné (L) Dorfling | |
| **Ermelo-Oos** | Lizari (EM) Dippenaar | |
| **Goedgegun-Swaziland** | - | |
| **Graskop** | - | Joggie (JJ) Prinsloo |
| **Gravelotte** | - | |
| **Groblersdal** | Julian (JP) Olivier | |
| **Hazyview** | Sterns (HES) Pretorius | |
| **Hendrina** | Tielman (TM) Roux | Coenie (GC) Van Staden |
| **Kampersrus** | Pieter (PJ) Dorey | |
| **kerksondermure** | Fanie (JS) Venter<br>Colin (CG) Smith<br>Neels (N) Marais<br>Stefan (S) Fourie<br>Gerrit (G) Visser | |
| **Kloofsig** | - | |
| **Komatipoort** | Chris (CF) Jacobs | |
| **Kragveld** | - | |
| **Krielpark** | Carine (C) Botha | |
| **Krugerwildtuin** | Ryk (R) Van Velden | |
| **Laeveld** | | |
| **Letsitele** | Elbert (EL) De Kock | Hendrik (H) Nel |

| PREDIKANTE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Ligkruis** | Raymond (RT) Kramm | |
| **Lux Mundi** | Johan (JHF) Taute<br>Frikkie (FRL) Coetzee<br>Marco (M) La Grange<br>Rayline (IM) Coetzee | |
| **Lydenburg** | Johan (JPT) Koen | Derik (D) Viljoen |
| **Lydenburg-Suid** | Fred (FJ) Wilson<br>Antoinette (A) Wilson | |
| **Lynnwoodrif** | Jorrie (J) Potgieter<br>Johan (JM) Van der Merwe | Dalene (DS) Flynn<br>Johan (CJ) Potgieter |
| **Lyttelton** | Landi (L) Botha | |
| **Lyttelton-Noord** | Gideon (GF) du Toit | |
| **Machado-Boven** | - | |
| **Malelane** | Petri (PJ) Coetzee | Wessel (WJE) Erasmus |
| **Marble Hall** | - | |
| **Meyerspark** | Derick (DD) Claassens | |
| **Middelburg** | Anton (A) Kemp | |
| **Middelburg-Kanonkop** | Casper (CH) Booy | |
| **Middelburg-Suid** | Hardus (GJ) van Niekerk<br>Rika (FM) van Vuren<br>Theo (TE) Homann | |
| **Midrand** | André (AT) Nagel | |

| PREDIKANTE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Moreletapark** | Pieter (PJ) Badenhorst<br>Willem (WA) Badenhorst<br>Ian (IA) Dubery<br>PC (PC) Pretorius<br>Victor (V) Cloete<br>Teodor (TE) Van der Spuy | |
| **Morgenzon** | Dion (AS) Van Dyk | |
| **Nelspruit** | Jaco (JF) Strauss<br>Anru (AH) Liebenberg<br>JZ (JZ) De Jager | |
| **Nelspruit-Suid** | Jean (J) Strydom<br>Louis (LJ) Pienaar<br>Gerhard (GHG) Vosloo | |
| **Nelspruit-Westergloed** | Eliska (E) Muller | Marius (M) Swart |
| **Nooitgedacht** | Kobus (JJ) Mey | |
| **Ohrigstad** | Johan (JA) Burger | Anton (A) Van Rooyen |
| **Olifantsfontein** | - | |
| **Paardekop** | - | Pieter (PD) Marx |
| **Phalaborwa** | Otto (MHO) van Heerden | |
| **Pierre van Ryneveld** | Henk (H) Janse van Rensburg<br>Anandie (A) Greyling<br>Arline (A) Meyer | Ryno (RB) Meyer<br>Karel (K) Verhoef |
| **Piet Retief** | Hancke (H) Van Blerk<br>Meyer (M) van Wyk | |
| **Premiermyn** | Charl (CE) Bredell | |
| **Pretoria-Faerie Glen** | Dieter (D) De Bruin | |
| **Pretoria-Garsfontein** | Jaco (J) Barnard | |

| PREDIKANTE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Pretoria-Oosterlig** | Roedolf (R) Botha | JI (JI) De Wet |
| **Rayton** | Chris (CJ) Lötter | |
| **Rietkuil** | | |
| **Roossenekal** | | |
| **Sabie** | Uli (UK) Trümpelmann | Henk (HJ) Van Maanen |
| **Silvertonkruin** | Vanwyk (VW) Fischer | |
| **Skuilkrans** | Gerrie (G) Bodenstein<br>Wllem (WS) Boshoff<br>Yolandé (Y) Giliomee<br>Nico (BN) Swart | |
| **Tygerpoort** | Zander (Z) van der Westhuizen<br>Wouter (W) van Wyk<br>Karin (K) Steyn | |
| **Tzaneen** | Chris (CF) Zietsman | |
| **Tzaneen-Wolkberg** | Adriaan (AJP v H) van Tonder | |
| **Valleisig** | André (AC) de Villiers<br>Dewald (AD) Niemandt<br>Doret (D) Niemandt | |
| **Voetspore Gemeenskapskerk** | Manie (JH) Groenewald | Jaco (JM) Van As |
| **Volksrust** | Charl (CF) van Schalkwyk | Wimpie (G) Du Plessis |
| **Wakkerstroom** | Paul (P) Joubert | |
| **Witbank** | Jim (JIF) de Villiers<br>Peet (PH) Boshoff | |
| **Witbank-Panorama** | Willem (WA) Esterhuizen<br>Dawie (DH) Nieuwoudt | |

| PREDIKANTE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Witbank-Suid** | Maans (HJ) Van Zijl | |
| **Witbank-Vallei** | Hannes (JH) Grobler | |
| **Witrivier** | Jurgens (JJ) De Jager<br>Eddie (EC) Le Roux<br>Jaco (JJJ) Putter | |

| KERKRAADSLEDE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Alkmaar** | Frank (FAS) Erasmus | Thys (M) Swart |
| **Amersfoort** | JJ (JJ) Du Toit | Jan (JJ) Lambrechts |
| **Amsterdam** | Emile (EF) Fölscher | |
| **Badplaas** | Marius (M) Janse van Vuren | Jacob (J) Middel |
| **Basileia** | Anet (AM) Jansen<br>Retha (MJ) Grobler | Elma (ME) Cloete<br>Jannie (JA) Rossouw |
| **Barberton** | Christiaan (CP) Coetzee | |
| **Belfast** | Christo (C) Holtzhausen | Mike (MJdeK) Hattingh |
| **Blinkpan** | Rene (CA) Taljaard | |
| **Breyten** | | |
| **Bronkhorstspruit** | Christo (CJ) van Zyl | André (JA) Laubscher |
| **Burgersfort** | Divan (ND) Du Plessis | Phillip (PS) Smit |
| **Carolina** | Fanie (SJ) Nel | Johan (JH) Kruger |
| **Chrissiesmeer** | | |
| **Debruinpark-Ermelo** | Riaan (AJ) Janse van Rensburg | Kobus (JGJ) Pretorius |
| **Dennesig** | Wessie (A) Van der Westhuizen | Johan (JL) Van Aswegen |

| KERKRAADSLEDE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Doornkloof** | | |
| **Elarduspark** | Marike (MD) Brink<br>Jannie (JJ) Dry<br>Kobus (FJJ) Labuschagne<br>Leon (LJ) Van den Berg | |
| **Ermelo** | Japie (J) Celliers<br>Willie (W) Jacobsz | Ewoud (E) Potgieter<br>Dale (DA) Groenewald |
| **Ermelo-Oos** | André (A) Vermeulen | Rudi (RJ) Van der Berg |
| **Goedgegun-Swaziland** | | |
| **Graskop** | Prinsloo (LC) Laetitia | |
| **Gravelotte** | Cobus (AJ) Van Jaarsveld | Chris (CPS) Gerber |
| **Groblersdal** | Johan (JA) Van Zyl | Solly (S) Ferreira |
| **Hazyview** | Charlotte (C) Van Leeuwen | Ingrid (IC) Joubert |
| **Hendrina** | Rina (SCM) Nagel | Nita (J) Swanepoel |
| **Kampersrus** | Carl (C) Van Dalen | André (A) Cornelius |
| **kerksondermure** | Hermias (HC) Van Zyl<br>Hannes (JG) Van Aswegen<br>Carl (CS) Du Preez<br>Christo (C) Niemand<br>Riaan (R) Smit | Hanlie (JE) Barnard<br>CM (CM) Le Roux<br>Jan (J) Rhoodie<br>Gert (G) Pretorius<br>Wilma (W) Du Plessis |
| **Kloofsig** | | |
| **Komatipoort** | Chris (C) Basson | |
| **Kragveld** | | |
| **Krielpark** | Yutani (Y) Strydom | Eureka (E) Oosthuizen |
| **Krugerwildtuin** | | |

| KERKRAADSLEDE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Laeveld** | | |
| **Letsitele** | Henk (HA) Van Rooyen | Chris (CJH) Van Eck |
| **Ligkruis** | | Gys (GHE) Romijn |
| **Lux Mundi** | Christo (CJ) Botha<br>Denise (DA) Van Zyl<br>Daan (DC) Klopper | Christie (LC) Van Deventer<br>George (GHE) Andrews |
| **Lydenburg** | Ina (RG) Liebenberg | Herman (HF) Landman |
| **Lydenburg-Suid** | Arnold (E) Hartzenberg<br>Jacques (J) Van den Berg | Ruska (J) Warricker<br>Frans (JF) Winterbach |
| **Lynnwoodrif** | Henry (H) Green<br>Albert (A) Grobbelaar | Ernst (EHleR) Du Preez |
| **Lyttelton** | Eugene (EF) Van Niekerk | |
| **Lyttelton-Noord** | Adriaan (AC) Nel | Cassie (CJ) Labuschagne |
| **Machado-Boven** | | |
| **Malelane** | Natasha (N) Nel | Louis (JL) Raath |
| **Marble Hall** | Ruan (R) Janse van Rensburg | |
| **Meyerspark** | Salty (SF) Thompson | Allen (AED) Lourens |
| **Middelburg** | Gideon (GJ) Du Plessis | Jaco (JC) Van Rooyen |
| **Middelburg-Kanonkop** | Flip (PJ) Luus | Christoff (CF) Prinsloo |
| **Middelburg-Suid** | Liezl (L) Storm<br>Buks (E) Botha<br>Stephan (SJ) Dorfling | Johnathan (JC) Haarhoff<br>Nellie (PA) Badenhorst<br>Monica (MJ) Jenkins |
| **Midrand** | Lettie (A) Van Rensburg | |

| KERKRAADSLEDE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Moreletapark** | Dirkie (DE) Van der Spuy<br>Pieter (P) Breytenbach<br>Reenen (FR) Teubes<br>Jan (JW) Van Jaarsveld<br>Jakes (JJ) Naudé<br>Johan (JF) Kelber | Ruan (R) Engelbrecht |
| **Morgenzon** | Hennie (JHG) Kotzé | |
| **Nelspruit** | | |
| **Nelspruit-Suid** | Fanie (ST) Van Niekerk | Gert (GW) Conradie |
| **Nelspruit-Westergloed** | Jannie (JWH) Muller | Flip (EP) Kleynhans |
| **Nooitgedacht** | Llewellyn (L) Dippenaar | Dries (ASJ) De Kock |
| **Ohrigstad** | Coleen (CJ) Burger | Fritz (F) Marx |
| **Olifantsfontein** | Danie (DC) De Beer | |
| **Paardekop** | (CJ) Jooste | |
| **Phalaborwa** | Lieliebet (EG) Van der Westhuisen | Simon (SL) Prinsloo |
| **Pierre van Ryneveld** | Willem (WW) Steyn<br>Jeanette (JA) Coetzee<br>Susanne (S) Jacobs | Pieter (AP) Van Rooyen<br>Anneke (AC) Van der Vyfer |
| **Piet Retief** | Rudi (PR) Du Randt<br>Dawie (DS) De Bruin | Tommie (TI) Ferreira<br>Dewald (D) Fouché |
| **Premiermyn** | Jan (JAN) Breytenbach | Wynand (WJ) Pretorius |
| **Pretoria-Faerie Glen** | Robert (RBD) Meintjies | |
| **Pretoria-Garsfontein** | Stephan (S) Strydom | René (R) Coetzee |
| **Pretoria-Oosterlig** | André (A) Rautenbach | Ely (E) Wolhuter |
| **Rayton** | Thomas (T) Kruger | Carel (C) Breytenbach |

| KERKRAADSLEDE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Rietkuil** | | |
| **Roossenekal** | | |
| **Sabie** | Nick (ND) Krause | Gerrie (GL) Kruger |
| **Silvertonkruin** | Andri (A) Swanepoel | Kotie (JG) Oberholzer |
| **Skuilkrans** | Gerrie (GJ) Cilliers<br>Johan (JP) Louw<br>Piet (PGJ) Meiring<br>Deon (DS) Van Garderen | |
| **Tygerpoort** | Francois (FJ) Retief<br>Olga (OH) Ludwig<br>Sonnika (SJ) Nel | Wilhelm (W) Steyn<br>Waldo (W) Prinsloo<br>Hein (JH) Du Plooy |
| **Tzaneen** | Willem (W) Venter | Andries (A) Van Schalkwyk |
| **Tzaneen-Wolkberg** | Kobus (CJ) Janse van Rensburg | |
| **Valleisig** | Carli (C) Fourie<br>Johann (J) Vermeulen<br>Stefan (S) Roos | Nelia (N) De Villiers<br>Carel (CHB) Gersbach<br>Jozua (JA) Joubert |
| **Voetspore Gemeenskapskerk** | Heinrich (HL) Momberg | Faan (SB) Buys |
| **Volksrust** | Pieter (PJA) Schoeman | Wessel (WC) Oosthuizen |
| **Wakkerstroom** | Francois (FJ) Du Plessis | |
| **Witbank** | Tol (HB) Booyens<br>Koos (JJ) Lübcker | Steyn (HJS) Erasmus<br>Matilda (MY) De Bruin |
| **Witbank-Panorama** | Johan (JP) Stemmet<br>Johan (PJ) Du Preez | |
| **Witbank-Suid** | Chrisjan (CH) Boshoff<br>Danie (DP) du Preez | Chrisna (JC) Van Heerden<br>Jakobus (J) Du Pisanie |
| **Witbank-Vallei** | Marius (MJ) Els | Reinhardt (RG) Els |

| KERKRAADSLEDE | PRIMARII | SEKUNDI |
|---|---|---|
| **Witrivier** | Thabo (WPT) Pienaar<br>Amanda (AM) Brugman<br>Sara-Ann (S) Van der Watt | Elize (HE) Gouws |

**1.3.2.1** Die volledige gewysigde lys van afgevaardigdes word in die Handelinge opgeneem

**1.3.3 VERKLARING**

**Die Voorsitter verklaar – na aanleiding van die getal afgevaardigdes teenwoordig – die sinodesitting as wettig gekonstitueerd.**

**1.4. Praktiese reëlings vir die vergadering**

**1.4.1** Die Uitvoerende Amptenaar, Francois Retief, hanteer enkele praktiese sake.

**1.4.1.1 Covid19-maatreëls**

Ons vergadering vind plaas teen die agtergrond van Covid19. Die regulasies verhinder ons nie meer om 'n byeenkoms soos hierdie te kan hou nie. Dit beteken nie dat ons ons waaksaamheid kan verslap nie. Deel van ons getuienis as gelowiges teenoor mekaar, is om vir mekaar verantwoordelikheid te aanvaar.

**1.4.1.2 Mikrofone**

Slegs een mikrofoon word voor in die kerkgebou opgestel. Deelnemers aan die vloer-gesprekke wag op die ry stoele om deur die voorsitter na die mikrofoon geroep te word.

**1.4.1.3 Sitplekreëlings**

Ons vergader om ronde tafels. Doen asseblief moeite om mekaar se gesondheid in ag te neem.

**1.4.1.4 Etes**

Ons etes word in herwinbare verpakkings gegee.

**1.4.1.5 Spreekbeurte**

Familiereëls 2021 se Reglement 1.5.8 lui: "Die voorsteller het 5 minute om 'n saak te stel, terwyl alle ander sprekers 3 minute geleentheid het om aan die bespreking deel te neem.

Aan die einde het die voorsteller 3 minute geleentheid vir repliek.

#### 1.4.1.6 Stemtel-reëlings

'n Stemteller is vir elke tafel aangewys. Stemming per geslote stembriefie geskied op die volgende wyse:
Die stembriefies word deur die hulpwerkers slegs aan afgevaardigdes uitgedeel saam met 'n telkaart.
Afgevaardigdes stem op die stembriefie.
Die stembriefies word aan die stemtellers gegee – hulle tel dit en teken die totale aan op die telkaart en plaas dit in die koevert.
Die hulpwerkers neem die koeverte op en neem dit na die Bedryfsbestuurder, Cathy Odendaal, en haar span om te tel.
Die uitslag van die stemming word aan die Uitvoerende Amptenaar gegee.
Indien die voorsitter só reël, kan daar ook per geleentheid met die verskillende kleurkaarte gestem word. Ook hierdie rooi en groen kaarte is reeds in die plastiek-koevert van alle afgevaardigdes.

### 1.5 Die voorsitter hanteer die sakelys van die vergadering.

### 1.6 OPENINGSBOODSKAP: Ds Dirkie van der Spuy, voorsitter van die Sinodale Diensraad.

### 1.7 IN MEMORIAM

Ons eer die Here vir kollegas wat as leraars in Oostelike Sinode geëmeriteer het. Die Here gee steeds die vrug op hulle werk...

**Ronald Murray**
**3 April 1938 – 29 Maart 2022**

Ronald word gelegitimeer in 1973.

Gemeentes:
1974 Parow
1978 Uit die bediening
1998 Lynnwoodrif (pastorale hulp)
Ronald emeriteer in 2003.

**Tewie Willemse**
**15 April 1951 – 2 Junie 2022**

Tewie word gelegitimeer in 1982.

Gemeentes:
1983 Vaalpark
1984 (Chinhoyi/Karoi)
1992 Rusape
1994 Mutare
1996 Hazyview
2008 Emeritus
2012 Glencoe (Termynkontrakpos)
2019 Emeritus

# 2. VERKIESING SINODALE DIENSRAAD

## 2.1 AGTERGROND

**2.1.1** **Reglement 2** van die Familiereëls bepaal dat die volgende proses gevolg word vir die verkiesing van die leierskap van Oostelike Sinode:

**REGLEMENT 2:**
**REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSRAAD**

**1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD**

1.1 Die Sinode verkies die voorsitter en ondervoorsitter van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende sinodesitting dien.

1.2 Die Sinode verkies nog sewe sinodale leiers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale leiers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Die Kerkregkundige word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.4 Die Voorsitter van Ondersteuningsdiens word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die verkose lede van die Sinodale Diensraad word vir 'n termyn van vier jaar verkies en is nie in dieselfde hoedanigheid herkiesbaar nie.

1.6 Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, die Kerkregkundige, die Uitvoerende Amptenaar en nog 'n lid wat uit eie geledere deur die Sinodale Diensraad verkies is.

1.7 Die skribaat van die Sinodale Diensraad en die Dagbestuur word deur die Uitvoerende Amptenaar van die Sinode hanteer. Hy/sy is 'n volwaardige lid van die vergaderinge met stemreg.

1.8 Leiers van projekspanne kan, waar nodig, vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer word.

## 2.2 DIE PAD VORENTOE

Wat is vir ons kern-belangrik wanneer ons die Sinodale Diensraad verkies?

**2.2.1** Leiers wat 'n hart vir die Sinode het

**2.2.2** Gawes en kundigheid

**2.2.3** Bereidheid – en beskikbaarheid - om te dien

**2.2.4** Met dié dat ons nie meer met bedieninge gewerk het nie, is daar nie 'n vloei van ervare sinodale leiers vanaf bedieninge na die Sinodale Diensraad toe nie. Die uittredende Sinodale Diensraad het dit as 'n leemte in ons huidige leierskapsmodel uitgewys.

**2.2.5** Met ons laaste Sinodale Diensraad-vergadering is die moontlikheid bespreek om die Sinodale Diensraad uit te brei met lede vanaf ons Ringe asook die leiers van bedieninge.

**2.2.6** Die Sinodale Diensraad het 'n span aangewys om met voorstelle na die Sinodesitting te kom

**2.2.6.1** Die Kerkregdiensgroep het die verslag van hierdie span bespreek en aanbeveel dat daar so min as moontlik aan die bestaande reglement gewysig word – maar dat daar wel uitbreidings sal wees.

**2.2.6.2** Die Kerkregdiensgroep is van mening dat daar nuut gedink kan word oor die herkiesbaarheid van die sinodale leiers.

**REGLEMENT 2:**
**VOORGESTELDE REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSRAAD**

**1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD**

1.1 Die Sinode verkies die **voorsitter** en **ondervoorsitter** van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende sinodesitting dien. Hierdie persone is nie herkiesbaar in dieselfde posisie nie.

1.2 Die Sinode verkies **sewe sinodale leiers** met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale leiers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Elke **Ring wys 'n Sinodale verteenwoordiger** met 'n sekundus aan om op die Sinodale Diensraad te dien.

1.4 Die **Kerkregkundige** word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die **voorsitters van bedieninge** word vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer.

1.6 Die verkose Sinodale leiers word vir 'n termyn van vier jaar verkies.

| | |
|---|---|
| 1.7 | Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, die Kerkregkundige, die Uitvoerende Amptenaar en nog 'n lid wat uit eie geledere deur die Sinodale Diensraad verkies is. |
| 1.8 | Die skribaat van die Sinodale Diensraad en die Dagbestuur word deur die Uitvoerende Amptenaar van die Sinode hanteer. Hy/sy is 'n volwaardige lid van die vergadering met stemreg. |

**2.3 AANBEVELING:**

**Die Sinode oorweeg die wysiging van Reglement 2 soos voorgehou, keur dit goed en implementeer die besluit dadelik in die verkiesing van leiers vir Oostelike Sinode tydens hierdie sitting.**

# 3. VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD

## VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD AAN OOSTELIKE SINODE 2016 – 2022

**3.1** Die huidige Sinodale Diensraad is deur die afgevaardigdes van die 2016 sitting aangewys. As gevolg van die realiteit van die Covid19-pandemie kon daar nie vroeër 'n Sinodesitting plaasvind waar 'n nuwe Sinodale Diensraad verkies kon word nie. Hierdie span het die ekstra vrag met entoesiasme en energie gedra...

**3.2** Die taak van die Sinodale Diensraad is om leiding te neem met die bestuur van die Sinode.

**3.3** Die termyn 2016 – 2022 was uniek in die geskiedenis van die Oostelike Sinode. Die Covid19-pandemie het ons almal onverhoeds betrap. Dit het besondere leierskap van die Sinodale Diensraad gevra terwyl die lede van die Sinodale Diensraad self in hulle eie gemeentes moes aanpas by nuwe bedienings-omstandighede – en sommige ook deur die virus onderstebo geslaan is.

**3.4** Die Oostelike Sinode bestaan tans uit 83 gemeentes. Merlindale, ons kleinste gemeente, het op 28 Februarie 2022 ontbind met minder as 10 lidmate. Hierdie gemeente is in 1949 gestig met meer as 500 lidmate. Die ontvolking van die platteland as gevolg van mynbedrywighede het hier 'n dramatiese impak gehad. Na die myn se bedrywighede gesluit is, was daar niks oor nie. Die myn het letterlik elke woonhuis platgeslaan soos wat die inwoners verhuis het.

**3.5** Die Sinodehuis is die sentrum van die Sinodale Diensraad se leierskaps-funksie. Die personeel het vir lang tye van die huis af gewerk en het uit hulle pad gegaan om alle navrae en administrasie deeglik en vinnig te hanteer. Tydens die pandemie is gemeentes deurlopend van advies voorsien soos wat die navrae oor die nuwe omstandighede ingestroom het. Hierdie adviese het gehandel oor die inperkingsregulasies, die hantering van personeel se vergoeding, verlof en siekverlof en die uitdagings op finansiële gebied. Verder was daar gereelde gesprekke oor alternatiewe bedienings-metodes, die bediening van sakramente binne die ruimte van beperkende regulasies en nuwe inisiatiewe vir pastoraat, jeugbediening en betrokkenheid in die breë gemeenskap.

**3.6** Met die inperking in Maart 2020 was die Sinodale Diensraad besig met 'n proses waar die Sinodale Diensraad na Ringe uitgereik het. Hierdie besoeke was baie suksesvol om verhoudinge te bou met kollegas en gemeentes. Die laaste van hierdie besoeke kon nie plaasvind nie.

**3.7** Die Sinodale Diensraad het tydens die pandemie die leraars in ons sinodale gebied geskakel. Dit was vir die lede van die Sinodale Diensraad én die leraars wedersyds

verrykend. Dit was goed om met mekaar kontak te kon maak. Die Sinodale Diensraad het dit later opgevolg deur Zoom-gesprekke met leraars in ringsverband.

**3.8** Die tydperk waaroor hier verslag gelewer word, is ook gekenmerk deur onrus oor die besluit oor selfdegeslagverhoudinge van die 2019 Algemene Sinode sitting. Die Sinodale Diensraad het onder moeilike omstandighede met gemeentes in gesprek getree sover moontlik. 'n Aantal van ons gemeentes het besluite geneem oor dolering. Vir sommige het dit ook ingehou dat hulle hulle bydrae ten opsigte van die sinode se werk gestaak of verminder het. Dolering was 'n nuwe term in ons kerklike woordeskat. Ons Kerkregdiensgroep het dus in die Familiereëls 2021 'n reglement hieroor ingevoeg om duidelike teologiese en kerkregtelike lyne hieroor te gee.

**3.9** Twee Ringe, Witbank en Lydenburg, het gevra dat 'n Buitengewone Sinodesitting gehou word om die 2019 Algemene Sinode-besluit te bespreek. Dit is gereël vir 4 April 2020. Weens die inperking was dit toe nie moontlik nie. Die kerkraad van Burgersfort het 'n beskrywingspunt ingedien om by die Oktober 2020 Sinodesitting te dien. Dit kon uiteindelik eers in 2021 gebeur.

**3.10** Die Sinodale Diensraad het gou besef dat gemeentes se finansies onder druk gaan kom tydens die inperking. Die Sinodale Diensraad het 'n besluit geneem om aan gemeentes wat daarvoor vra, tot 50% vermindering op hulle Sinodale Bydraes toe te staan. Verskeie gemeentes het op verskillende vlakke hiervan gebruik gemaak. Die tekort wat op die begroting van die Sinode sou kon ontstaan, sou dan uit reserwefondse befonds word. Die Sinodale Diensraad het die vermindering van verpligtinge wat die Sinode namens gemeentes van Oostelike Sinode deur middel van die sinodale bydraes nakom, onderhandel met verskeie instansies.

**3.11** In 2020 het die voorsitter, ds Dirkie van der Spuy, saam met ds Paul Grobler van Noordelike Sinode 'n besoek gebring aan Koning Kgosi Mampuru III van die Bapedi in Limpopo. Die doel hiervan was om versoening met die koning te bewerk gesien in die lig van baie negatiewe ervarings wat sy familie meer as 'n eeu gelede gehad het van leiers uit die blanke gemeenskap. Dit was 'n besondere geleentheid om rondom die Evangelie van Jesus Christus mekaar te kon ontmoet. Die koning het later ook een van die slagoffers van die pandemie geword.

**3.12** Die POPI-wet het ook deel van die lewe van die kerk geword gedurende 2021. Gemeentes moes prosesse in plek kry om die vertroulike inligting waaroor hulle beskik, op die korrekte wyse te hanteer.

**3.13** Die tydperk 2018 tot op hede is ook gekenmerk deur verskeie klagtes wat oor leraars voor ondersoekliggame moes dien. Dit het 'n geweldige las op ons Kerkregdiensgroep geplaas om advies te gee. Verder was die emosionele las op die lede van die ondersoekliggame asook diegene wat aangekla is, baie groot. Gedurende hierdie sake het duidelik geword dat ons in die kerk 'n proses van mediasie benodig. Die Sinodesitting van 2021 het 'n

reglement in dié verband goedgekeur. Die Sinodale Diensraad is nou besig om te kyk na moontlikhede om aan 'n span opleiding te gee oor mediasie. Ongelukkig is dit 'n duur soort opleiding. Alternatiewe moontlikhede word steeds opgevolg.

**3.14** Op 4 Maart 2020 het die Oostelike Sinode kennis ontvang dat die sinode as derde respondent in 'n Arbeidshofsaak gelys is deur 'n leraar wat skuldig bevind is aan wangedrag en eventueel sy bevoegdheid as leraar verloor het – en dus nie as leraar in die gemeente kon voortgaan nie. Oostelike Sinode het ingestaan vir 'n gedeelte van die koste vir die voortgesette bediening in die gemeente deur dr Louis Louw. Die Sinode – as verteenwoordiger van 84 gemeentes - was dus verplig om saam met die ring (tweede respondent) en gemeente (eerste respondent) van regsadvies gebruik te maak omdat die onderskeie kerkverbande nou die risiko geloop het van finansiële eise. Dit het 'n koste vir hierdie drie partye ingehou waarvoor niemand begroot het nie. Die uiteinde van hierdie saak was 'n ondertekende skikkingsooreenkoms tussen die betrokke leraar en die gemeente, ring en sinode.

**3.15** Die verslagtydperk is ook gekenmerk deur versoeke van gemeentes om na ander ringe te skuif. Die redes was tweeledig: gemeentes wou saam met gemeentes groepeer waar daar eenstemmigheid oor die 2019 SGV-besluit is, of gemeentes het hulle nie meer tuis gevoel in 'n bepaalde ring se kultuur nie. Die Sinodale Diensraad het hierdie versoeke hanteer in die lig van Bepaling 23 van die Kerkorde. By elkeen van hierdie prosesse is die Ringsdiensraad van die betrokke ring ingelig en deel gemaak van die proses. Dit het gelei tot die skuif van *kerksondermure* uit die Ring van Lyttelton na die Ring van Elarduspark asook die vorming van 'n nuwe ring genaamd Koninkryksvennootskap bestaande uit Moreletapark – vanuit die Ring van Elarduspark - en Ermelo-Oos – vanuit die Ring van Ermelo.

**3.16** Twee van ons gemeentes het ook van naam verander: Lyttelton-Oos staan nou as Voetspore-gemeente bekend, en Witbank-Klipfontein het gekies vir Basileia-gemeente.

**3.17** Die pandemie het weer bevestig watter rol ons naaste missionale vennoot, die Christelike Maatskaplike Raad, speel. Hulle maatskaplike werkers het met groot risiko betrokke geraak by hulpvoorsiening, ondersteuning en versorging van diegene in nood. Ons het 'n goeie verhouding met die CMR Mpumalanga, CMR Gauteng-Oos en CMR Limpopo. Ons gemeentes is steeds betrokke by die geestelike en finansiële ondersteuning van die plaaslike kantore van die CMR.

**3.18** Op ekumeniese terrein staan ons steeds in 'n besondere verhouding met ons susterskerk in Mosambiek, die Igreja Reformada em Moçambique. Carl Louwrens het vir jare as ons verteenwoordiger dáár gedien. Sedert sy aftrede word die rol nou vervul deur Victor Cloete, Diensleraar by Moreletapark. Die Sinode maak 'n bydrae tot die pensioen van die leraars in die IRM, die kostes van ons verteenwoordiger ten opsigte van besoeke aan Mosambiek asook die Teologiese Opleiding by Hefsiba.

**3.19** Die Sinodale Diensraad is verantwoordelik vir die finansiële bestuur van Oostelike Sinode. Die begroting, gemeentes se finansiële situasie, die jaarlikse finansiële state en die finansiële realiteite waarbinne ons gemeentes funksioneer word gereeld bespreek.

**3.20** Die pandemie het leemtes in ons model vir die berekening en invordering van sinodale bydraes uitgewys. Die Fondsediensgroep en Sinodale Diensraad lê tydens hierdie sitting 'n voorstel vir 'n nuwe model ter tafel.

**3.21** Vir hierdie sitting van Oostelike Sinode kon die Sinodale Diensraad ook hulp gee aan gemeentes wat verder as 100 km van Pretoria af bly. Ons help met reiskoste asook verblyfkoste.

**3.22** In die verslagtydperk kon ons ook afskop met ons Sinoos Seën Rampfonds. Ons vertel elders oor die funksionering van hierdie fonds.

**3.23** Een van die staande projekte in ons Sinode is die jaarlikse Predikantekonferensie in die Wildtuin. In 2019 was prof Jan van der Watt ons spreker oor Openbaring, in 2020 was daar geen konferensie moontlik nie, in 2021 het Johan Pienaar ons voorgegaan oor Inspirerende Leierskap en 2022 was Callie Roos die inleier oor In Christus.

**3.24** Op 17 en 18 Nobember 2021 is 'n Sinodesitting gehou om die onrus rondom die besluite van Algemene Sinode 2019 te bespreek. Die vergadering het by Skuilkrans plaasgevind. Die vergadering het die beskrywingspunt van Burgersfort bespreek en besluite daaroor geneem.

**3.25** Ons Sinodehuis is die platform vanwaar die Oostelike Sinode administratief funksioneer. Tans is daar 'n leraar as Uitvoerende Amptenaar, 'n Bedryfsbestuurder vir die finansies en ander statutêre aangeleenthede, twee administratiewe beamptes, 'n deeltydse boekhouer en 'n skoonmaker in diens van die Sinode. Die rolle van die Uitvoerende Amptenaar en Bedryfsbestuurder bestaan vir 'n groot deel daaruit om leraars, kerkrade, kerkkantore en personeel te adviseer. Navrae strek oor die hele spektrum van gemeente-wees. Personeel besoek gemeentes wanneer nodig om opleiding te gee, strategie te fasiliteer, te help met die interpretasie van die Kerkorde en ander landswette, finansiële kundigheid te deel, navrae oor personeelsake te hanteer, persoonlike pastorale gesprekke te voer en op 'n breë terrein dáár te wees vir gemeentes en personeel. Die personeel is betrokke by die breër kerkverband in Taakspanne vir Fondse, Teologiese Opleiding, die CMR, die Predikante en Amptenare Pensioenfonds, die De Jager Steynfonds, die Bedryfspan van die Algemene Sinode, die Gesamentlike Fondsekommissie en Gesamentlike Sinodale Kommissie van die vier Transvaal Sinodes en gesprekke oor huweliksbevestigers-aangeleenthede. Tydens die pandemie het die Sinodehuis volledig gefunksioneer. Personeel het van die huis afgewerk wanneer dit moes. Die rekenaarstelsel van die Sinodehuis is aangepas sodat alle inligting in die "wolkie" lê en personeel dus van enige plek af kon werk.

**3.26** Kerkverband is onder druk. Die gees van independentisme laat soms ook sy spore in die verhoudings wat daar tussen gemeentes, ringe en die sinode bestaan. Die uitdaging is steeds om ons getuienis oor die Evangelie van Jesus Christus óók in ons onderlinge verhoudings sigbaar te laat word. Vir Oostelike Sinode was goeie verhoudings nog altyd belangrik. Mag dit steeds so wees. Mag die eenheid tussen kollegas, gemeentes en gemeentes die wêreld laat glo dat Jesus Christus inderdaad die Here is..."

# 4. VERSLAG OOR DIE BEDIENINGE VAN OOSTELIKE SINODE

**4.1** In 'n vorige bedeling het Oostelike Sinode met bedieninge gewerk. Daar was Bedieninge vir Aanbidding, Onderlinge Sorg, Getuienis en Ondersteuningsdiens. Elkeen van hierdie bedieninge het bepaalde projekte gehad wat deur die bediening beplan, bestuur en geevalueer is.

**4.2** In ons huidige struktuur is daar weggedoen met bedieninge – en projekte funksioneer onafhanklik van mekaar.

**4.3** Teen die einde van die termyn van die huidige Sinodale Diensraad is daar gesprek gevoer oor ons werkwyse. Daar is 'n sterk gevoel dat ons dit moet oorweeg om terug te keer na 'n struktuur bestaande uit bedieninge. Dit hoef nie presies dieselfde bedieninge as voorheen te wees nie. Waarskynlik sal Oostelike Sinode die breër kerk dien as ons met nuwe, vars perspektiewe hieroor kan kom.

**4.4** Bedieninge sal verantwoordelik wees om hulleself in te grawe in 'n bepaalde diensterrein. Die fokus van Oostelike Sinode is om produkte te skep, geleenthede te reël, netwerke te skep en inligting beskikbaar te stel wat vir die gemeentes van waarde sal kan wees. 'n Bediening word nie die "stokperdjie" van 'n klein groepie mense nie. Die klem moet baie duidelik op die gemeentes val. Oostelike Sinode bestaan ter wille van gemeentes.

**4.5** 'n Struktuur wat bestaan uit bedieninge benodig mense wat hulleself beskikbaar stel om deel van 'n projek en 'n bediening te word. Ons bedieninge funksioneer nie soos kommissies waarop iemand verkies moet word nie. Dit is oop groeperinge met 'n gedeelde fokus. Bedieninge sal bepaalde projekte kan lanseer binne hierdie fokus. Die Sinodale Diensraad gee insette aanbedieninge en ontvang terugvoer vanaf bedieninge.

**4.6** Tafelgesprek

**4.6.1** Besin oor die fokusareas waarmee 'n bediening van Oostelike Sinode nou gemeentes kan dien.

**4.6.2** Watter "produkte" sal hieroor vir gemeentes van waarde kan wees?

# 5. AFVAARDIGING NA ALGEMENE SINODE 2023

**5.1** Die Algemene Sinode vergader in 2023. Die voorlopige datums is 15 – 20 Oktober 2023.

**5.2** Met 'n nuwe wyse waarop ons die Sinodale Diensraad saamstel, het dit ook 'n impak op die wyse waarop Oostelike Sinode se afgevaardigdes na die Algemene Sinode aangewys kan word.

**5.3** In die onlangse verlede was die Algemene Sinode 'n verkleinde Sinode bestaande uit 200 afgevaardigdes. By die 2019 Algemene Sinode is besluit dat daar 370 afgevaardigdes by die volgende sitting sal wees.

**5.4** Afvaardiging na die Algemene Sinode werk op 'n pro rata-berekening gebaseer op die aantal lidmate in die sinode. Oostelike Sinode is gewoonlik die tweede grootste afvaardiging naas die Wes-Kaap. Ons kon 23 persone afvaardig na die sitting. Die afvaardigings van sinodes word gelykop tussen leraars en kerkraadslede verdeel.

**5.5** Bepaling 38 van Familiereëls 2021 beskryf die proses as volg:

**Bepaling 38**
**Afvaardiging na die Algemene Sinode**

38.1 Afgevaardigdes na die Algemene Sinode (met sekundi) word, tydens die vergadering van die Sinode voor die eersvolgende vergadering van die Algemene Sinode, uit die afgevaardigdes aangewys.

38.2 **Die benodigde aantal predikante word soos volg aangewys:**

38.2.1. Die sewe gelegitimeerde Sinodale leiers (met sekundi).

38.2.2. Dienende lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode, indien hy/sy/hulle na die Sinodesitting afgevaardig is.

38.2.3. Die Uitvoerende Amptenaar en Kerkregkundige indien hulle as predikante na die Sinodesitting afgevaardig is.

38.2.4 Die oorblywende getal predikante (met sekundi) word gekies uit 'n groslys wat saamgestel word uit genomineerdes wat nie by die vorige Algemene Sinode was nie.

38.3 **Die benodigde aantal ouderlinge/diakens (met sekundi) word soos volg aangewys**:

38.3.1 Die twee nie-gelegitimeerde Sinodale leiers (met sekundi).

38.3.2 Dienende lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode, indien hy/sy/hulle na die Sinodesitting afgevaardig is.

38.3.3 Die Uitvoerende Amptenaar en Kerkregkundige indien hulle as ouderlinge/diakens na die Sinodesitting afgevaardig is.

38.3.4 Die oorblywende getal ouderlinge/diakens (met sekundi) word gekies uit 'n groslys wat saamgestel word uit genomineerdes wat nie by die vorige Algemene Sinode was nie.

| | |
|---|---|
| 38.4 | Die sekundi waarna hierbo verwys word, is ook die sekundi vir die afgevaardigdes na die Algemene Sinode. Na afloop van die vergadering van die Sinode voor die eersvolgende Algemene Sinode, word vakatures in die afvaardiging deur die Sinodale Diensraad uit hierdie sekundi aangevul. |
| 38.5 | Waar die lys van sekundi uitgeput is, word dit deur die Sinodale Diensraad aangevul, waar van toepassing na voorlegging deur die betrokke Ringe. |
| 38.6 | Die Uitvoerende Amptenaar, Kerkregkundige en Bedryfsbestuurder kan as waarnemers afgevaardig word, indien hulle nie reeds verkies is nie. |

**5.6** Die vraag is of ons hierdie reëling wil wysig of uitbrei in die lig van die nuwe wyse waarop die Sinodale Diensraad saamgestel word?

**5.7** Hierdie Sinodesitting sal kan reël dat elke Ring 'n leraar en 'n kerkraadslid-afgevaardigde (met sekundi) aanwys uit persone wat nie by die vorige sitting van die Algemene Sinode was nie. (Bepaling 38.2.4 en 38.3.4) Die Sinodale Diensraad kan dan – nadat die presiese kwota van die Algemene Sinode af ontvang is én met inagneming van ons reëling dat alle Ringe verteenwoordig behoort te wees – die afvaardiging finaliseer.

**5.8 AANBEVELING**

**Die vergadering besluit dat elke Ring 'n leraar en 'n kerkraadslid-afgevaardigde (met sekundi) aanwys uit persone wat nie by die vorige sitting van die Algemene Sinode was nie. (Bepaling 38.2.4 en 38.3.4) Die Sinodale Diensraad finaliseer dan – nadat die presiese kwota van die Algemene Sinode af ontvang is én met inagneming van ons voorkeur dat alle Ringe verteenwoordig behoort te wees – die afvaardiging.**

# 6. DIE OOSTELIKE SINODE SE BELEID OOR FONDSE

## 6.1 AGTERGROND

Die Sinodale Diensraad se denke oor die Sinode se fondse is doelbewus op skrif gestel. Telkens wanneer die Sinodale Diensraad dit hanteer, kan die leierskap dit krities beoordeel en aanpas, terwyl almal hulle daartoe kan verbind.

## 6.2 UITGANGSPUNTE

### 6.2.1 Fondse as Hulpbron

Die Sinode beskou fondse as 'n belangrike hulpbron om die uitgangspunte van die Sinode uit te voer, soos om ter wille van gesonde gemeentes, in diens van die koninkryk daar te wees. Daarom is dit die Sinode se werkswyse dat ***soveel moontlike*** fondse by die gemeentes moet wees om hulle taak plaaslik uit te voer sonder dat dit hul deelname aan die sinodale werksaamhede in gedrang bring. Enige fondse wat die Sinode van gemeentes verhaal se aanwending moet bydra tot werksaamhede wat tot nut van die gemeentes en gemeenskap is.

### 6.2.2 Bronne van Fondse

Oostelike Sinode het twee bronne van inkomste, naamlik bydraes van gemeentes vir gesamentlike bediening, en opbrengs op beleggings. Alle gemeentes wat deel is van die Oostelike Sinode familie dra hiertoe by. Die fondse word so toegeken dat die Sinodale Diensraad hulle taak volgens *Bepaling 31* na behore kan uitvoer. Die volgende mandaat geld vir bydraes vir gesamentlike bediening (BGB):

#### 6.2.2.1 Bydraes vir Gesamentlike Bediening (BGB)

Bydraes vir Gesamentlike Bediening word bepaal met 'n sensitiwiteit vir gemeentes se omstandighede en die ekonomiese realiteite. Dit beteken onder andere dat die BGB hoogstens kan styg met die persentasie waarmee 'n gemeente se Bepalende Inkomste gegroei het. Die Sinode subsidieer BGB met minstens R1,000,000 (een miljoen rand) per jaar.

##### 6.2.2.1.1 Berekening van BGB

Die bedrag betaalbaar word bepaal as 'n persentasie van 'n gemeente se begrote **Bepalende Inkomste**. Bydraes onderworpe aan BGB word bereken deur Kapitale en Ongereelde Inkomste, die restant van versekeringseise, asook sekere uitgawes (Sinodesitting, Ringsitting, CMR Bydrae), van 'n gemeente se Totale Inkomste af te trek. Slegs **70%** van Bydraes onderworpe aan BGB is Bepalende Inkomste.

#### 6.2.2.1.2 BGB Proses

**6.2.2.1.2.1** Gemeentes stuur jaarliks hul verkorte begrotings (op voorgeskrewe vorm) aan Sinode teen 28 Februarie.

**6.2.2.1.2.2** BGB word bereken as 3.8% op die Bepalende Inkomste.

**6.2.2.1.2.3** 'n Rekening vir 'n twaalfde van die berekende BGB word maandeliks uitgestuur.

**6.2.2.1.2.4** Nadat alle gemeentes se deel bereken is, krediteer die Sinode 'n pro-rata deel van R1,000,000 (een miljoen rand) teen alle bydraende gemeentes se rekening. Die pro-rata bedrag word bepaal deur 'n gemeente se deel van die totale BGB.

**6.2.2.1.2.5** Gemeentes mag enige tyd vir aanpassings vra indien hul finansiële posisie wesenlik verander deur die jaar.

**6.2.2.1.2.6** Alle gemeentes stuur in September elke jaar 'n aangepaste begroting (6 maande werklik en 6 maande begroot) aan die Sinode, en die Sinode pas die maandelikse rekening aan indien nodig.

**6.2.2.1.2.7** Gemeentes wat ongereelde of seisoenale dankoffers ontvang, mag maandeliks volgens hul vermoë betaal, en die agterstallige inhaal wanneer hul kontantvloei dit toelaat, mits die totale bedrag betaalbaar vir die jaar teen die einde van die finansiële periode vereffen is.

**6.2.2.1.2.8** Finale aanpassings word gemaak sodra gemeentes se afgetekende finansiële state deur die Sinode ontvang is.

#### 6.2.2.1.3 Verligting vir marginale gemeentes

Die Sinode doen jaarliks 'n berekening om die minimum bedrag vas te stel wat 'n gemeente met een leraar moet verdien om al sy verpligtinge na te kom. Gemeentes met 'n Bepalende Inkomste onder hierdie bedrag word as 'n marginale gemeente beskou. Hierdie gemeentes kry outomaties 'n vermindering van 25% op die BGB betaalbaar.

#### 6.2.2.1.4 Vereffening van BGB

Rekeninge word maandeliks deur die Sinode na gemeentes uitgestuur. Gemeentes kan self kies of hulle die rekening maandeliks of kwartaalliks wil betaal. Ingevolge Bepaling 41 van die Familiereëls wat aansluit by Artikel 57 van die Kerkorde is gemeentes verplig om hul verantwoordelikheid ten opsigte van bydraes tot gesamentlike bediening na te kom, en daarom word uitstaande BGB nie deur die Sinode afgeskryf nie. Alle rekeninge moet teen die einde van die finansiële jaar vereffen wees. Onbetaalde BGB moet op gemeentes se Balansstaat as 'n uitstaande finansiële verpligting (krediteur) getoon word.

#### 6.2.2.1.5 Verligting vir BGB

Alle gemeentes dra by tot die gesamentlike bediening. Indien 'n gemeente nie die finansiële vermoë het om die berekende BGB by te dra nie, mag 'n versoek vir

vermindering aan die Sinode gerig word. Die Sinode stel dan 'n taakspan aan, saamgestel uit twee verteenwoordigers van die gemeente, twee verteenwoordigers van die Ring, en twee verteenwoordigers van die Sinode, om die mate van hulp te bepaal wat die gemeente moet ontvang. Verskeie faktore word in ag geneem.

#### 6.2.2.2 Opbrengs op Beleggings

Die Sinode het sy fondse in 2018 herbelê om meer deursigtige bestuur van sy fondse en 'n hoër opbrengs te verseker. Die opbrengs het die Sinode in 'n baie gunstige posisie geplaas om sy missionale visie uit te leef asook beter hulp en ondersteuning aan ons gemeentes te bring.

### 6.2.3 Die Sinode se Fondse

#### 6.2.3.1 Pensioenarisse Mediese Subsidiefonds

Met die ontbondeling van die NG Kerk van Transvaal rondom 2000 is die groep pensioenarisse wat mediese subsidies ontvang het, pro-rata aan die 4 Sinodes toegedeel. Die verpligting om mediese subsidies te betaal, het 'n verantwoordelikheid van die gemeentes geword. In 2006 is besluit om die mediese subsidies slegs aan bestaande lede te betaal. Leraars wat ná hierdie datum afgetree het, is van hierdie voordeel uitgesluit. Fondse om hierdie verpligting tot en met die geslote groep se afsterwe na te kom, is belê en vanaf 2014 word geen bydraes hiervoor meer van gemeentes gevra nie. Die reserwes wat hiervoor opsy gesit is, word deur versigtige beleggings bestuur om met die subsidies vol te hou.

#### 6.2.3.2 Kapitaalfonds

Die Kapitaalfonds verteenwoordig die vervangingswaarde van die vaste eiendomme van die Sinodehuis, en waarborg dat eiendomme vervang kan word indien dit beskadig of vernietig sou word, en dit onwaarskynlik is dat die versekering sal uitbetaal.

#### 6.2.3.3 Reserwefonds

Die Reserwefonds verteenwoordig 'n jaar se finansiële verpligtinge van Oostelike Sinode, en is gelykstaande aan die begrote toekennings en uitgawes van die huidige finansiële jaar.

#### 6.2.3.4 Bufferfonds

Die Bufferfonds word vir jaar tot jaar gebeurlikhede gebruik, soos noodsituasies, onvoorsiene gebeure en om jaarlikse skommelinge te beperk. Die mikpunt van die Bufferfonds word beperk tot 12% van die Reserwefonds.

#### 6.2.3.5 Ondersteuningsfonds

Die Ondersteuningsfonds het ontstaan uit die herstrukturering van die Sinode se beleggings, en word aangewend om gemeentes wat sukkel te help asook om tekorte in die Sinode se begroting aan te vul. Uit hierdie fonds wend die Sinode jaarliks minstens R1,000,000 aan om gemeentes by te staan. Hierdie fondse word so bestuur dat die Sinode volhoubaar kan voortgaan om gemeentes te ondersteun.

## 6.3 AANWENDING VAN FONDSE

Die Sinodale Diensraad (SDR) word tydens Sinodesittings aangewys en bemagtig om die Sinode se fondse namens gemeentes te bestuur. Die projekte waaraan fondse bestee moet word, word tydens Sinodesittings verkies, en die SDR prioritiseer die projekte vir uitvoering. 'n Toekenningslys word hiervoor saamgestel en die SDR stel die Fondsediensgroep aan om die besluite van die SDR uit te voer. Die personeel van die Sinodehuis administreer hierdie funksies. Fondse word in verskeie kategorieë aangewend, naamlik:

### 6.3.1 Gesamentlike Werksaamhede

#### 6.3.1.1 Algemene Sinode

Die Oostelike Sinode dra by tot die funksionering van die Algemene Sinode. Met ons bydraes verseker ons dat die leraars in ons familie ingelig bly oor predikantsake, redelik vergoed word volgens riglyne, beroepbaar bly en toegerus word. Die Algemene Sinode beskik ook oor bedingingsmag by staatsinstansies.

Met ons bydraes befonds ons Taakspanne van die Algemene Sinode wat insluit navorsing oor missionaliteit, kategese materiaal, jeugbediening en gemeente analises. Oostelike Sinode lewer insette by verskeie van hierdie Taakspanne. Dit sluit ook die Taakspanne vir Fondse, Regte, Predikantesake en VBO in. Die Oostelike Sinode se verteenwoordigers dien ook op die Algemene Sinode Moderamen (ASM).

#### 6.3.1.2 Teologiese Opleiding

Die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van Pretoria beskik oor 'n paar kerkeie professore, en die Sinode dra by tot die salarisrekening hiervan. Gevolglik het ons ook insette by die Kuratorium.

#### 6.3.1.3 Argief

Die Oostelike Sinode huur rakspasie by die Sinode van Wes-Kaapland. Daar word jaarliks 'n begroting opgestel vir die Argief en aan ons gestuur. Ons dra 'n sewende van die NG Gesamentlike Sinodes en 'n kwart van die Transvaalse Sinodes se rakspasie (altesaam ongeveer 140m) by wat deur ons benut word.

#### 6.3.1.4 Swaziland Sending

Die Oostelike Sinode dra 'n plig wat voortspruit uit 'n ooreenkoms van die verlede om maandeliks 'n bydrae te maak tot die begroting van die sendeling in Swaziland. Die ooreenkoms eindig met die uitdienstreding van die sendeling. Drie van die vier ou Tranvaalse Sinodes (Oostelike Sinode, Hoëveld Sinode en Goudland Sinode) dra hiertoe by.

### 6.3.2 Ondernemings uit die verlede

#### 6.3.2.1 Bydrae aan 'n gemeente in Zimbabwe

Volgens ooreenkoms betaal ons maandeliks 'n bedrag ten opsigte van mediese voorsiening aan die leraar J Haasbroek, wat verbonde is aan die Chinhoyi Gemeente in Zimbabwe. Die hulp staak wanneer hy uit diens tree.

#### 6.3.2.2 Verlening van hulp aan die VGKSA

Volgens ooreenkoms betaal ons maandeliks 'n bedrag aan die VGKSA vir SS Mokoena (geboortedatum 3 Januarie 1966) verbonde aan VGKSA Ohrighstad gemeente. Die hulp staak wanneer hy sterf, uit diens van die gemeente tree of aftree in 2031.

### 6.3.3 Vennootskappe

#### 6.3.3.1 CMR

Die Oostelike Sinode dra by tot die vergoeding van die hoofkantoor se personeel wat die supervisor/bestuurder insluit. Sonder laasgenoemde personeel kan geen maatskaplike werker enige statutêre werk verrig nie. Bydraes word nie gemaak aan plaaslike takke van die CMR nie. Die Sinode se bydrae word verdeel tussen CMR Gauteng-Oos, CMR Mpumalanga en CMR Limpopo. Die ooreenkoms is dat die bydrae jaarliks nie méér styg as wat die gesamentlike inkomste van gemeentes in die Sinode styg nie. Wanneer gemeentes se gesamentlike inkomste daal, word die bydrae nie verhoog nie.

### 6.3.4 Projekte

#### 6.3.4.1 Kleiner Gemeentes

Die Oostelike Sinode het 83 gemeentes waarvan die meerderheid een of geen leraar het nie. Meeste hiervan is op die platteland. Die projek het ten doel om die wese, funksionering en doel van klein gemeentes te verstaan, pastorale ondersteuning aan Kerkrade en leraars van klein en kleinerwordende gemeentes te verleen en te help om 'n lig vir hul gemeenskap te wees. Die projekspan doen navorsing en win inligting in oor kleiner gemeentes sodat kleiner gemeentes gehelp kan word om hul identiteit en roeping

te (her)ontdek. Die span begelei ook die Kerkrade van hierdie gemeentes om missionaal gefokus te wees.

#### 6.3.4.2 Missionale Transformasie

Met ***Missio Dei*** (God se liefdesbeweging na die hele skepping) as die fokus van die NG Kerk, bly dit belangrik vir die Oostelike Sinode om aan te hou groei en soek na geleenthede waarop ons gemeentes kan help om as missionale gemeentes 'n missionale identiteit, kultuur, roeping en leefstyl te (her)ontdek, aan te kweek en te behou. Die projekspan wil gemeentes ondersteun en inspireer om as roepingsgetroue gemeentes in pas met die lewende God te leef en met missionale ritmes en gewoontes onder leiding van die Gees in die post-Covid-situasie te leef.

#### 6.3.4.3 GrensLoos

GrensLoos is die Oostelike Sinode se versamelingspunt vir leraars en leiers om te dink en droom oor die kerk van nou en die kerk van môre. GrensLoos is 'n poging om jeugbediening oor gemeente grense nader aan mekaar te bring. Die projek het ten doel om netwerke binne die grense van Oostelike Sinode te vorm waar mense opgewonde is om tieners te mobiliseer, jeugbediening in gemeentes nuwe energie en fokus kan verkry, en tienerbediening in gemeentes meer koninkryksgerig kan funksioneer.

#### 6.3.4.4 Predikantekonferensie

Een van die oogmerke van die Sinode is om 'n gesonde, gemotiveerde en toegeruste predikantekorps daar te stel. Dit is ook een van ons belangrikste waardes dat ons in die Sinode mekaar soos familie sal behandel en dat daar gesonde verhoudings onderling sal wees. Die jaarlikse Sinodale Predikantekonferensie is 'n onmisbare middel waardeur die familiebande in ons Sinode gevestig en uitgebou word, soos wat die jare bewys het. Die konferensie wil daarby drie dinge bereik:

**6.3.4.4.1** Om predikante 'n diep geestelike ervaring te gee waardeur hulle innerlik verfris en vernuwe word

**6.3.4.4.2** om toerusting te gee vir die bediening en
**6.3.4.4.3** om die persoon van die predikant te ontwikkel.

#### 6.3.4.5 Ekologie Kampe

Die Ekologie kampe het ten doel om die gelowige gemeenskap te herinner aan hul verantwoordelikheid teenoor God se skepping. Die projekspan wil ekologies sensitiewe gedrag en leefwyses bevorder. Die Eko- en Eko7-kamp is bedoel om kinders bewus te maak van die natuur en die betekenis daarvan vir die mens, 'n liefde daarvoor aan te

kweek en saam te leer wat elkeen van ons kan doen om die aarde wat die Here vir ons gegee het, te bewaar.

#### 6.3.4.6 Pastor Pastorum

Ons predikante is onder toenemende druk as gevolg van veeleisende werksomstandighede en 'n samelewing wat drasties verander het en steeds verander. Baie gemeentes kry swaar en dit plaas verdere druk op die predikant. Ons predikante is 'n belegging en een van die belangrikste bates van ons kerk en daarom is dit nodig dat predikante omvattend en goed versorg sal word. Hierdie projek het ten doel om soveel moontlik predikante en emeriti binne ons sinodale gebied by wyse van persoonlike kontak pastoraal te versorg. Die Sinodale Diensraad kyk tans na alternatiewe modelle om die doelwit van hierdie projek te bereik.

#### 6.3.4.7 IRM Mosambiek Projek

Die IRM (Igreca Reformada em Mocambique) is die vrug van die NG Kerk se sendingwerk in Mosambiek wat reeds in 1908 begin is, en Oostelike Sinode is betrokke by die werksaamhede van die IRM binne die grense van die Sinode Novo. Die projekspan het ten doel om goeie verhoudings met die IRM leierskap en gemeentes, met die fokus op die Novo Sinode, te vestig en handhaaf. Die projekspan het ook 'n vennootskap met Hefsiba Teologiese Fakulteit waar IRM pastore opgelei word.

#### 6.3.4.8 Gemeente Ondersteuning

Veranderende behoeftes, fokusse, ekonomie, demografie en vele ander faktore bied gereeld nuwe uitdagings aan ons gemeentes, en sommige van hierdie uitdagings verg insette en/of ondersteuning van die Sinode om die beste strategiese uitkoms te bewerkstellig. Hierdie projek stel die Sinode in staat om gemeentes te besoek en optimaal te ondersteun volgens behoeftes.

### 6.3.5 Funksionering van die Sinodehuis

#### 6.3.5.1 Leierskap

Kompensasie word aan gemeentes betaal waar hul leraars betrokke is by die voorsitterskap van die SDR en Kerkregdiensgroep van die Sinode. Vir leraars wat die Sinode verteenwoordig by die taakspanne van die Algemene Sinode en die onderskeie Kuratoriums dek die Sinode hul reiskoste. Die Sinode betaal ook die reiskoste van die lede van die diensgroepe van die Sinode.

#### 6.3.5.2 Administrasie en Onderhoud

Hierdie funksie dek die bedryfskostes van die Sinodehuis. Die reël en administrasie van funksies en projekte word in die Sinodehuis gekoördineer en saamgevat.

#### 6.3.5.3 Personeel

Fondse word toegeken vir die vergoeding van die personeel van die Sinodehuis, wat die take uitvoer wat deur die Sinodale Diensraad en diensgroepe aan hul toegeken word. Take sluit in adviese oor die hele spektrum van gemeente-wees, argiefdienste, reël van die huweliksbevestiging-status van leraars, ondersteuning aan kerkkantoorpersoneel met betrekking tot finansies, salarisse, stigtingsdokumente en statutêre verpligtinge, onderhoud van die Sinode se webwerf, bestuur van die Sinode se Rampfonds Sinoos Seën, en enige ander take wat van dag tot dag nodig mag wees. Leraars se navrae rakende salaris-strukture, Pensioenfonds, medies, en prosesse word ook deur die personeel ondersteun. Die Sinodehuis gee ook administratiewe ondersteuning aan die projekte van die Sinode. Die Uitvoerende Amptenaar verteenwoordig die Oostelike Sinode by die CMR, verskeie Taakspanne van die Algemene Sinode, by feesgeleenthede in gemeentes en ook by die Pensioenfonds en Bestmed.

### 6.4 AANBEVELING

**Die Sinode keur die inhoud van "Die Oostelike Sinode se beleid oor fondse" goed as beleidsdokument en neem dit op in die Familiereëls van Oostelike Sinode.**

# 7. BYDRAES TOT GESAMENTLIKE BEDIENING (BGB)

## 7.1 AGTERGROND

NG Gemeentes regoor die land het binne die NG Kerkverband tot stand gekom. Oostelike Sinode is 'n familie van 83 van hierdie gemeentes wat in 12 Ringe gegroepeer is. Tydens Sinodesittings besluit hierdie gemeentes as 'n groep saam wat hul verpligtinge as rentmeesters teenoor mekaar, gemeentelede en die gemeenskap is, teen 'n agtergrond van hoe die familie ons roeping as missionale kinders van God kan uitleef.

Die Sinode pak saam projekte aan tot voordeel van ons gemeentes en leraars om sodoende ons roeping uit te leef. In dié verband het ons breër verhoudings met ons susterskerk IRM in Mosambiek, projekte in Swaziland, en het ons verteenwoordigers in die taakspanne van die Algemene Sinode.

Ons vat hande met CMR Oos as ons missionale vennoot vir maatskaplike en barmhartigheid. Ons ondersteun die hoofkantoor-struktuur omdat Wetgewing vereis dat maatskaplike werkers toesighouers en bestuurders het. Ons glo dat ons gemeentes hul plaaslike CMR kantoor ondersteun.

Die Sinode het ook verteenwoordiging by die Predikante en Amptenare Pensioenfonds, die fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria waar ons Teologiese Opleiding gedoen word, Bestmed en die De Jager Steynfonds.

Sinode in 'n neutedop:

By die Sinodehuis lewer ons advies en ondersteuning aan leraars, emeriti, Ringe en gemeente-personeel. Die SDR doen besoeke aan Ringe en gemeentes en stel taakspanne aan om gemeentes en leraars toe te rus en ondersteun. Ons personeel help leraars om by Binnelandse Sake as huweliksbevestigers te registreer. Ons ondersteun kantoorpersoneel met die hantering van statutêre verpligtinge, salaris en personeel administrasie, finansiële sake en administratiewe take. Om hierdie take uit te voer, benodig ons bronne soos mense, tyd, geld en kundigheid.

## 7.2 WAAROM DRA ONS BY?

Die Sinodefamilie het gesamentlike verantwoordelikhede aanvaar wat tydens vorige Sinodesittings gekondoneer is en wat uitspeel in projekte, insette in die breër kerkverband, vennootskappe, betrokkenheid by gemeentes, leraars en personeel en 'n Sinodehuis as basis vanwaar hierdie sake bestuur word. Ringe, gemeentes, lidmate, én die breër gemeenskap vind baat by die funksionering van die Oostelike Sinode

## 7.3 HUIDIGE SINODALE BYDRAE PROSES

**7.3.1** Die sinodale bydrae metodiek:

**7.3.1.1** Gemeentes stuur nagesiende of geouditeerde finansiële state van die vorige jaar se prestasie aan die Sinode. Die finansiële state voldoen aan die formaat soos van tyd tot tyd deur die Sinode bepaal, en die sperdatum hiervoor is jaarliks voor einde Junie.

**7.3.1.2** Sinodale rekeninge word kwartaalliks aan gemeentes gestuur as volg:

**7.3.1.2.1** 1ste kwartaal in Maart (voor ontvangs van vorige jaar se state)

**7.3.1.2.2** 2de kwartaal in Junie (voor ontvangs van vorige jaar se state)

**7.3.1.2.3** 3de kwartaal in September (na ontvangs van vorige jaar se state)

**7.3.1.2.4** 4de kwartaal in Desember (na ontvangs van vorige jaar se state)

**7.3.1.3** Die Sinode ontvang dus die finansiële state van gemeentes nadat twee kwartale se rekeninge reeds uitgestuur word. Daarom word die sinodale bydraes vir die eerste twee kwartale gebaseer op die sinodale bydrae rekeninge van die vorige jaar. Die totale sinodale bydrae rekening van 'n gemeente vir die vorige jaar word in vier gedeel om die eerste twee kwartale se bydraes te bepaal.

**7.3.1.4** Nadat alle gemeentes se finansiële state deur die Sinode verwerk is, word elke gemeente se bydrae bereken. Die eerste twee kwartale se sinodale bydraes word van die nuwe berekende bydraes afgetrek, en die balans word in twee gedeel om die bedrag van die laaste twee kwartale te verkry.

**7.3.1.5** Sinodale bydraes word bereken teen 3.8% van Bepalende Inkomste, wat as volg bereken word:

| | |
|---|---|
| Totale Inkomste | R |
| Min: Vrygestelde Inkomste | R |
| Min: Uitgawes Toegelaat as Aftrekking | R |
| Bepalende inkomste | R |

**7.3.1.6** Hieronder volg 'n volledige voorbeeld van sinodale bydraes berekening:

| | |
|---|---|
| Sinodale bydraes 2020 | R100,000 |
| Bydrae per kwartaal (deel deur 4) | R25,000 |
| | |
| 1ste en 2de kwartaal 2021 (kwart van vorige jaar se totale bydraes) | R25,000 |
| | |
| Finansiële state van Februarie 2021 toon Bepalende Inkomste van | R3,157,895 |
| 3.8% van Bepalende Inkomste | R120,000 |
| Min: som van 1ste en 2de kwartaal | (R50,000) |
| Balans betaalbaar oor die volgende 2 kwartale | R70,000 |
| | |
| 3de en 4de kwartaal 2021 (balans deur 2 gedeel) | R35,000 |

**7.3.2** Wanneer 'n gemeente se Bepalende Inkomste minder is as die bedrag wat benodig word om 'n enkel-leraar gemeente te bestuur, kry die gemeente outomaties 'n 25% korting op sinodale bydraes.

**7.3.3** Die huidige metodiek berus op 'n gemeente se finansiële state van die vorige jaar, wat 'n terugblik is op die historiese prestasie van die gemeente. Dit het tot gevolg dat gemeentes nou bydrae volgens die finansiële vermoë wat hulle in die verlede gehad het, terwyl hul posisie intussen wesenlik kon verander het. Die Sinode wil daarom vars dink oor die proses en 'n metodiek toepas wat tred hou met die huidige prestasies van gemeentes.

**7.3.4** Gemeentes wat nie die mas kan opkom nie kan die Sinode nader vir vermindering van sinodale bydraes. Elke versoek word op meriete beoordeel en korttermyn verligting mag op meriete toegestaan word.

## 7.4 HOEKOM DIE VERANDERING?

Covid het ons met 'n nuwe oog na baie aspekte van ons lewe en kerkwees laat kyk. Dit het ook vir ons 'n paar tekortkomings in ons huidige metodiek uitgewys, soos:

**7.4.1** Sinodale bydraes vir die huidige jaar word op ou inligting gebasseer

**7.4.2** Gemeentes moet hierdie verpligting uit huidige kontantvloei nakom

**7.4.3** Die finansiële vermoë van die gemeente kon intussen wesenlik verander het

**7.4.4** Die huidige metode vereis intensiewe administrasie

**7.4.5** Die metode is kompleks en veroorsaak baie navrae

**7.4.6** Die kompleksiteit laat ruimte vir foute

**7.4.7** Die Sinode wil in voeling bly met ons gemeentes en hul behoeftes

**7.4.8** Ons wil die huidige finansiële vermoë van 'n gemeente as basis vir die berekening van bydraes oorweeg

**7.4.9** Ons wil die speelveld gelyk maak vir alle gemeentes

## 7.5 VOORGESTELDE METODIEK

Die term sinodale bydraes word vervang met Bydraes vir Gesamentlike Bediening, of in kort sommer net BGB. Met die nuwe benadering verander ons ook die inligting waarmee ons werk. Waar ons voorheen met die vorige jaar se finansiële state gewerk het, wil ons nou met gemeentes se begrotings werk. Ons vereenvoudig die berekening en maak dit eenvormig vir alle gemeentes.

Die voorgestelde proses:

**7.5.1** Gemeentes stuur jaarliks teen 28 Februarie hul verkorte begroting in 'n voorgeskrewe formaat na die Sinodehuis (verwys Bylaag A).

**7.5.2** Geskoei op hierdie inligting word bydraes tot gesamentlike werk vir die hele finansiële jaar bereken.

**7.5.3** Alle inkomste is onderworpe aan BGB.

**7.5.4** As 'n eerste stap word 30% van 'n gemeente se inkomste outomaties vrygestel.

**7.5.5** Kapitale inkomste (bv. wins met verkoop van eiendom, oorskot van versekeringseise) en Erflatings word ook vrygestel.

**7.5.6** Sinode- en Ringsitting kostes mag van inkomste afgetrek word.

**7.5.7** Indien gemeentes self 'n bydrae aan die CMR maak, mag dit ook van inkomste afgetrek word.

**7.5.8** Alle gemeentes betaal dieselfde persentasie, naamlik 3.8%, van Bepalende Inkomste.

**BGB Proses**




**7.5.9** Bydraes word op 'n gemeente se Bepalende Inkomste bereken, en 'n twaalfde hiervan word maandeliks op die rekeninge van gemeentes getoon – verwys na Bylaag A.

**7.5.10** Gemeentes kan maandeliks betaal, maar ook kwartaalliks as hulle dit histories so betaal het en steeds so verkies.

**7.5.11** Gemeentes wie se omstandighede deur die jaar wesenlik verander kan enige tyd versoek dat die bedrag aangepas word volgens die inligting vervat in 'n nuwe verkorte begroting wat by die Sinode ingedien word.

**7.5.12** Alle gemeentes stuur in September elke jaar aangepaste begrotings aan die Sinode om te verseker dat daar nie 'n groot verskil ontstaan tussen die werklike bydrae vir gesamentlike werk en dit wat deur die jaar betaal is nie. Die idee is juis dat die bydraes tred hou met die huidige finansiële vermoë van die gemeente.

**7.5.13** Indien daar gemeentes is wat ongereelde betalings ontvang, mag hulle maandeliks minder as die bydraes betaal, en die agterstallige bedrag dan inhaal wanneer die ongereelde betalings ontvang word.

**7.5.14** Gemeentes wat onder die marginale inkomste verdien, kwalifiseer steeds vir 'n 25% korting.

**7.5.15** Die Sinode befonds minimum R1,000,000 (een miljoen rand) uit die beleggingsopbrengs en vul enige tekorte op die Sinode se toekenningslys aan. Die R1,000,000 sal pro-rata bereken word en teen elke bydraende gemeente se rekening gekrediteer word.

**7.5.16** Finale aanpassings word gemaak sodra gemeentes se afgetekende finansiële state deur die Sinode ontvang is.

**7.5.17** Enige ander versoeke vir vermindering sal op meriete oorweeg word deur 'n Taakspan, bestaande uit 2 verteenwoordigers van die gemeente, 2 verteenwoordigers van die Ring, en 2 verteenwoordigers van die Sinode.

## 7.6 HOE GAAN ONS DIT MAAK WERK?

**7.6.1** Ons moet die regte struktuur skep om die model te ondersteun.

**7.6.2** Ons gaan baie steun op die funksionering van Ringe, veral wat kommunikasie tussen gemeentes en die Sinode betref.

**7.6.3** 'n Toegewysde fonds vir hulp en ondersteuning aan sukkelende gemeentes is reeds geskep.

## 7.7 WAT IS DIE IMPAK VAN DIE VERANDERING?

**7.7.1** Met die uitsondering van 'n paar gemeentes word gemeentes se bydraes effektief verminder.

**7.7.2** Die Sinode sal die gemeentes wat volgens die nuwe metode meer betaal tegemoet kom met 'n infaseringsmodel.

**7.7.3** Gemeentes weet reeds met begrotingstyd wat hul bydraes gaan wees.

**7.7.4** Meer gereelde interaksie tussen gemeentes, Ringe en die Sinode.

## 7.8 AANBEVELING

**Die Sinode keur die voorgestelde gewysigde model vir die berekening van Bydraes vir Gesamentlike Bediening goed en implementeer dit met ingang 1 Maart 2023.**

**GEMEENTE -----**
**BEGROTE INKOMSTE VIR DIE FINANSIËLE JAAR**
**VAN MAART 2022 TOT FEBRUARIE 2023**

| | WERKLIK | BEGROOT | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2022 | 2023 | Mar | Apr | Mei | Jun | Jul | Aug | Sep | Okt | Nov | Des | Jan | Feb |
| Dankoffers | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Erediens Offergawes | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Fondsinsamelingsprojekte | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Inkomste uit Spesiale Fondse | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Inkomste uit Toegewysde Fondse | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Kapitale Inkomste | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Erflatings | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Ander Inkomste | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| **Totale Inkomste** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| **Min: Inkomste Vrygestel** | | | | | | | | | | | | | | |
| Kapitale Inkomste | 0 | 0 | | | | | | | | | | | | |
| Erflatings | 0 | 0 | | | | | | | | | | | | |
| **Min: Aftrekbare Uitgawes** | | | | | | | | | | | | | | |
| Sinodesitting | 0 | 0 | | | | | | | | | | | | |
| Ringsitting | 0 | 0 | | | | | | | | | | | | |
| Bydraes aan CMR | 0 | 0 | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| **Inkomste onderhewig aan BGB** | **0** | **0** | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| **Min: Inkomste vrygestel (30%)** | **0** | **0** | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| **Bepalende Inkomste** | **0** | **0** | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| BGB @ 3.8% | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Min: Marginale Korting (1,440,000) | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |
| | | | | | | | | | | | | | | |
| **Totale BGB Betaalbaar** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** | **0** |
| **Banksaldo's aan einde van periode** | **0** | **0** | | | | | | | | | | | | |
| **Beleggingsaldo's aan einde van periode** | **0** | **0** | | | | | | | | | | | | |

# 8. SINOOS SEËN

## 8.1 AGTERGROND

Oostelike Sinode het nog altyd 'n hart vir mense gehad wat ly onder omstandighede waaroor hulle geen beheer het nie. Ons is ook deur besighede en individue gekontak wat wil bydra tot die verligting van nood, en het besef dat die Sinode 'n kanaal kan wees vir die vloei van hulp en bydraes. Daarom is Sinoos Seën gestig, 'n nie-winsgewende organisasie met Artikel 18A registrasie.

## 8.2 ONLUSTE IN KWAZULU NATAL – JULIE 2021

Die eerste rampsituasie waar Sinoos Seën sy roeping kon vervul was ná die onluste in KZN in Julie 2021. Op die nuus en sosiale media het ons gesien hoe boewe verwoesting gesaai het en verskeie entrepreneurs hulle besighede moes sluit. Werksverliese en gevolglik verlies aan inkomste het gevolg. Ons het R175 000 vanaf donateurs ontvang wat na die NG Kerk Sinode in KZN gestuur is vir noodverligting.

## 8.3 VLOEDE IN KWAZULU NATAL – 2022

Beeldmateriaal het gewys hoe water deur huise spoel en groot skade aanrig, hoe huise beskadig word waar gedeeltes daarvan afbreek en wegspoel, en selfs waar 'n huis geheel en al in die grond wegsak. Mense is dakloos gelaat en sommiges het alles verloor wat hulle gehad het. Daar was in vele gebiede selfs nie skoon drinkwater nie. Die nood was - en is steeds - groot, en die Sinode het vir donasies gevra om die nood te verlig. 'n Totaal van R285 720 is tot op datum ingesamel waarvan R275 000 reeds versprei is. Die Sinode het hande gevat met Social Upliftment Services (SUS) en die Do Good beweging, omdat hierdie organisasies reeds netwerke in plek het om nood te verlig waar dit die nodigste is.

## 8.4 DIE WERKSWYSE VAN SINOOS SEËN

Oostelike Sinode gee inligting oor die behoeftes waar daar 'n rampsituasie ontstaan het. Die Sinodehuis se verteenwoordiger in die gemeenskap is die plaaslike gemeente. Die versoek is dat gemeentes Sinoos Seën as 'n voertuig aan die gemeenskap bekend sal stel waardeur donasies vir hulpverlening aan slagoffers gemaak kan word. Vir besighede en individue is daar die verdere voordeel dat Sinoos Seën geregistreer is as 'n instansie wat 'n Artikel 18A kwitansie kan uitreik waardeur donateurs belastingverligting kan verkry. Die Sinodehuis reik op versoek hierdie kwitansie aan donateurs uit. Dit is belangrik dat donateurs wat hierdie kwitansie wil ontvang hulle donasie direk in die rekening van Sinoos Seën deponeer. Dit kan nie via die gemeente se rekening gedoen word nie – die spoor vanaf die donateur tot by die Rampfonds moet duidelik wees.

Die SOS Rampfonds word deur ons ouditeure nagesien net soos die ander fondse van die Sinode. Die fonds het verskeie voorwaardes waaraan voldoen moet word om die Artikel 18A-registrasie te behou.

Verder maak Sinoos Seën baie seker dat die fondse versprei word aan betroubare en gevestigde netwerke wat hande en voete op die grond het dáár waar die ramp is.

'n Hele aantal van ons gemeentes – klein én groot – het ook donasies gemaak.

Oostelike Sinode leef steeds die diep oortuiging uit dat ons hier is ter wille van ander…

## 8.5 TEN SLOTTE

Ons vertrou dat hierdie nie-winsgewende organisasie wat ons geskep het die kanaal sal wees waardeur die Oostelike Sinode-familie 'n groot verskil in geteisterde gemeenskappe kan maak.

# 9. DIE GEMEENTE AS EVANGELIS

Drie van ons leraars is lede van die Algemene Sinode se Werkgroep vir Missionale Evangelisasie: Leon Westhof (voorsitter), Frikkie Coetzee en Roedolf Botha. Hulle lei ons in hierdie gesprek na 'n nuwe waardering vir en verbintenis tot gemeentes as evangeliste.

Die NG Kerk het 'n ryk en lang tradisie van evangelisasie wat teruggaan na die Pinkster-herlewings van die 1860's en die Skotse evangeliese invloed van Andrew Murray en ander leiers. Meer onlangs was daar die Jeug-tot-Jeug-Aksie van die 1970's, wat grootliks daartoe bygedra het dat honderde jongmense teologie gaan studeer het.

Tans wil dit voorkom asof hierdie proses oor 'n breë front binne gemeentes tot stilstand gekom het, ten spyte van voortreflike verslae wat in 2007 (*Bediening aan kerklos lidmate en evangelisasie*) en 2011 (*Gespreksdokument oor evangelisasie*) voor die Algemene Sinode gedien het.

In sy boek, *Transforming mission*, het David Bosch aangetoon dat in beide die Katolieke en die Protestantse kerke evangelisasie van tyd tot tyd op die agtergrond geskuif word en daarna weer in die fokus kom.

Die Werkgroep vir Evangelisasie het vroeër vanjaar twee sessies op die Hugenote Kollege se platform oor die teorie en praktyk van evangelisasie aangebied met die tema "Die verleentheid van die e-woord". Hierdie was 'n poging om predikante en gemeentes opnuut bewus te maak van die belang van evangelisasie in die lewe van 'n gemeente. Die vraag is: Hoe belangrik is dit vir die bestaan en die lewe van 'n gemeente? Kan dit bloot as een van vele bedieninge beskou word?

Verskeie teoloë wys daarop dat die hart van missionaliteit in evangelisasie geleë is. Die NG Kerk het amptelik vir 'n missionale ekklesiologie gekies en dit is ondenkbaar dat die saak van evangelisasie dan nie tot sy reg sal kom nie. Evangelisasie lê in die sentrum van 'n gemeente se bediening.

Uiteraard hou dissipelskap ook hiermee verband. Vantevore is dissipelskap en evangelisasie dikwels van mekaar losgemaak, maar vandag word al meer besef dat evangelisasie ten diepste die uitnodiging tot dissipelskap is. Evangelisasie is veel méér as die uitnodiging tot 'n beslissing vir Jesus. Dit behels die uitnodiging om 'n lewenslange en toegewyde navolger van Jesus, die opgestane Here, te wees. Evangelisasie vra nie maar net of iemand in Jesus glo of nie glo nie.

***Uittreksel uit Kerkbode 16 Februarie 2022***

# 10. VORDERINGSVERSLAG OOR MOONTLIKHEDE VIR GEMEENTES WAT NIE MEER DEEL VAN DIE ALGEMENE SINODE-VERBAND WIL WEES NIE.

**10.1** Lede van die gespreksgroep: Johan van der Merwe, PC Pretorius, Dewyk Ungerer, Johan Koen, Willem Esterhuizen, Tertius Erasmus, Francois Retief

**10.2** Opdrag van die Sinode 2021

*Die Sinode besluit dat indien die meerderheid gemeentes van Oostelike Sinode nie hul weg oopsien om uit die Algemene Sinode te tree nie, gemeentes wat nie langer deel van die Algemene Sinode kan wees nie, met leiding bedien sal word oor wyses waarop hulle wel uit verband met die Algemene Sinode kan tree.*

**10.3.** Die groep het drie keer vergader. Die volgende is as merkers aangeteken:

**10.3.1** Oostelike Sinode het in 2021 besluit om nie uit die verband met die Algemene Sinode te tree nie.

**10.3.2** Daar is gemeentes wat hulleself nie meer as deel van die Algemene Sinode wil sien nie. Die 2019 Selfdegeslagverhoudinge-besluit wat ruimte skep vir verskillende interpretasies van die Bybeltekste oor selfdegeslagverhoudinge is vir hierdie lidmate onaanvaarbaar.

**10.3.3** Hierdie gemeentes reken dat die uitspraak in die "Gaum-hofsaak" van 11 lidmate teen die NG Kerk dit onmoontlik maak om met gewetensvryheid die pad vorentoe onder die sambreel van die Algemene Sinode kan loop.

**10.3.4** Hierdie gemeentes wil los van die NG Kerk se Algemene Sinode funksioneer.

**10.3.5** Hierdie gemeentes het nie 'n probleem met Oostelike Sinode nie. Hulle ervaar hier 'n tuiste. Hulle probleem is die Algemene Sinode.

**10.3.6** Daar is reeds gemeentes wat hulleself wil posisioneer binne nuwe Ringsverbande.

**10.3.7** Die werkgroep het hierdie merkers as realiteit aanvaar. Dit is nie op die agenda van die werkgroep om oor standpunte of persepsies te argumenteer nie. Dít het ons reeds by die 2021 Sinodesitting gedoen.

**10.3.8** Die werkgroep besef dat ons hier na nuwe moontlikhede wat nie reeds bestaan nie, sal moet kyk. Ons moet 'n nuwe model van kerkverband bedink.

**10.4** Die werkgroep het gekyk na modelle uit die geskiedenis sowel as uit die huidige kerk-omgewing. Die PKN in Nederland het gedien as voorbeeld waar kerke onafhanklik bly

bestaan maar ook – ten spyte van diep teologiese verskille – in 'n verband saam funksioneer. Die "Algemene Sinode" van die PKN neem geen beleidsbesluite nie.

**10.5** Die werkgroep het hierdie model op die huidige situasie in die NG Kerk probeer toepas. Dit lyk asof die Kerkorde, die Taakspan Kerkverband van die 2019 Algemene Sinode se verslag en die praktyk nie met mekaar eens is nie. Die verslag praat van 'n Algemene Sinode wat nie beleidsbesluite neem nie maar die Kerkorde maak steeds daarvoor voorsiening.

**10.6** Hierdie gemeentes het nie hoop dat die Algemene Sinode se besluit gaan verander of dat hulle op 'n bevredigende wyse onder die Algemene Sinode se sambreel tuis gaan voel nie.

**10.7** Gemeentes kan nie uit die verband met die Algemene Sinode tree nie. Die Algemene Sinode is 'n sinode van samestellende sinodes – nie gemeentes nie.

**10.8** Die werkgroep het gesprek gevoer oor die moontlikheid dat **gemeentes wat nie meer deel van die verband met die Algemene Sinode wil wees nie, uit Oostelike Sinode uittree terug na die NG Kerk van Transvaal.** Dit het aanvanklik gelyk asof hier 'n werkbare moontlikheid kan wees.

**10.8.1** Kerkrade tree dan terug na die dormante entiteit "NG Kerk van Transvaal." Tot 1962 was die NG Kerk van Transvaal die kerkverband waarvan Noord-Transvaal, Suid-Transvaal en Midde-Afrika die samestellende sinodes was. Hierdie drie sinodes het afsonderlik tot die verband van die Algemene Sinode toegetree in 1962. Oos-Transvaal het in 1979 uit Noord-Transvaal afgestig. Rondom die draai van die eeu het "ontbondeling" plaasgevind en het elke sinode op sy eie lid van die Algemene Sinode verband geword. Die NG Kerk van Transvaal bestaan dus steeds maar is 'n dormante "dop" wat nie aktief funksioneer nie.

**10.8.2** Daar is egter onsekerheid oor die huidige regsposisie van die NG Kerk van Transvaal. In die afgelope jare was daar verskeie regsmenings aangevra oor die NG Kerk van Transvaal se regsposisie. Daar is ook onder regsgeleerdes nie eenstemmigheid hieroor nie.

**10.8.3** Die werksgroep is versigtig vir 'n proses wat net tot hofsake en regsgedinge kan lei en reken dat hierdie pad nie verder ondersoek hoef te word nie.

**10.9** **Die werkgroep het die moontlikheid ondersoek dat Oostelike Sinode 'n nuwe streeksinode/kerk stig** bestaande uit gemeentes wat nie verder onder die sambreel van die NG Kerk se Algemene Sinode wil funksioneer nie maar tog nog in 'n verband met Oostelike Sinode wil wees. In die taal van die missionale beweging sou hierna verwys kon word as die "plant van 'n nuwe kerk met 'n eie naam en identiteit maar onafhanklik van die Algemene Sinode."

**10.9.1** Die feit dat daar goeie onderlinge verhoudinge in Oostelike Sinode bestaan, skep die basis vanwaar hierdie moontlikhede ontgin kan word.

**0.9.2** Ons sou dit ook kon stel as dat die Oostelike Sinode die ruimte wat vir sinodes deur die 2019 besluit geskep is, nou benut om 'n nuwe kerk/streeksinode te skep wat in assosiasie met die Oostelike Sinode bestaan. Die voorbeeld wat ons hier het, is die stigting van die Afrikaanse Christelike Kerk in New-Seeland. Hierdie kerk staan in assosiasie met die NG Kerk, beroepbaarheid van leraars word oor en weer erken, lidmaatskap van lidmate word heen en weer gedoen – en dit word beskryf in 'n memorandum wat die aard van die assosiasie uitspel.

**10.9.3** Die Tussen-Orde in die Kerkorde van die NG Kerk kan as basis dien vir die definiëring van 'n nuwe assosiaatskap-verhouding tussen Oostelike Sinode en die nuut gestigte kerk.

**10.9.4** Sake waaroor uitsluitsel verkry sal moet word, sluit in erkenning van lidmaatskap deur die NG Kerk, ampsbevoegdheid, die pensioene van leraars en amptenare, teologiese opleiding, gesamentlike bediening soos die CMR en moontlike administratiewe samewerking met Oostelike Sinode.

**10.10** Die werkgroep reken dat hier moontlikhede is waarop diepgaande verskille op 'n goeie manier hanteer kan word.

**10.11** 'n Moontlike tydlyn vir so 'n proses sal as volg kan lyk:

**10.11.1** **Sinodesitting Augustus 2022** – inligting word aan sinodesitting gegee ter inligting en vir kennisname. 'n Span word saamgestel om formeel die model te beplan met insluiting van onsekerhede oor bevoegdheid, lidmaatskap, Teologiese opleiding insluitende Kerkeie Opleiding, Predikante- en Amptenare Pensioenfonds en dergelike.

**10.11.2** **Augustus – Desember 2022** – **padberade** waartydens gesprek gevoer word met kerkrade en leraars oor 'n nuwe model vir kerkverband en die aard en inhoud van die assosiaat-verhouding

**10.11.3** **'n Buitengewone Sinodesitting** tydens **Februarie 2023** waar daar 'n besluit oor 'n nuwe model vir kerkverband geneem word

**10.11.4** Indien die besluit positief is oor die voorgestelde model, word dit by die **Algemene Sinode Moderamen (ASM)** in Maart 2023 vir goedkeuring.

**10.11.5** Die **Algemene Sinode se sitting in Oktober 2023** hanteer die formele aansoek.

**10.11.6** Die sinodesitting van **Oostelike Sinode in 2024** word dan die geleentheid waar die nuwe model formeel tot stand kom.

**Kerkorde 2019 Reglement 26**

**3.2 Assosiasie**

3.2.1 Nadat 'n formele aansoek ontvang en beoordeel is, kan die Algemene Sinode met 'n tweederdemeerderheidstem goedkeuring verleen dat ander kerke of kerkgemeenskappe (ingesluit gemeentes van ander kerke) in assosiasie met die NG Kerk tree.

3.2.2 Die graad en wyse van assosiasie word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkorde, erediens en die Christelike lewenswandel, diens en getuienis van die betrokke kerk of kerkgemeenskap.

3.2.3 'n Ander kerk of kerkgemeenskap se assosiasieverbintenis met die NG Kerk word in 'n assosiasieooreenkoms vervat. In hierdie ooreenkoms word wedersydse voorregte en verpligtinge uitgespel, waaronder die wyse waarop daar oor-en-weer in die kerkvergaderinge sitting geneem (waarnemend, adviserend of stemhebbend) en aan die vergaderinge deelgeneem word. Ander reëlings kan insluit: wedersydse erkenning van opleiding en legitimasie, oor-en-weer aanvaarding van lidmaatskap, kanselruiling met die bevoegdheid om sakramente te bedien, gesamentlike werksaamhede, finansiële verpligtinge, die wyse waarop die assosiasie kan oorgaan tot inlywing by die NG Kerk, die wyse waarop die assosiasie beëindig kan word, ens.

**10.12 AANBEVELING 1**

**Die Sinode neem kennis van die verslag soos voorgehou.**

**10.13 AANBEVELING 2**

**Die Sinode gee goedkeuring vir die proses-voorstel in 10.11 van die verslag.**

# 11. OM GEMEENTE TE WEES NA 'N PANDEMIE

## Kerkwees in 'n tyd soos dié!

***2 Kor 1:3-5 – "Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus, die Vader van barmhartigheid en God van alle bemoediging! Hy bemoedig ons in al ons verdrukkings, sodat ons hulle wat in allerhande verdrukkings verkeer, kan bemoedig met die bemoediging waarmee ons self deur God bemoedig word; want net soos Christus se lyding oorvloedig oor ons kom, so is ook ons bemoediging oorvloedig deur Christus."***

### 11.1 Inleiding

Oostelike Sinode kan nie anders as om aan God die eer te bring dat ons te midde van geweldige moeilike tye steeds hier is en kan getuig van God se versorging, beskerming en genade nie – selfs in 'n tyd soos dié.

Hoe verreken ons dit wat plaasgevind het sedert ons vorige gewone Sinodesitting in 2018? Daar was die Algemene Sinodesitting van 2019 met besluite wat 'n effek op elke gemeente gehad het en direk daarna het Covid-19 nie net ons Sinode en land nie, maar die wêreld getref.

Uit die antwoorde van predikante en gemeentes binne ons Sinodale streek hoor ons van die, veral aanvanklike, worsteling met vrae oor die verband tussen die pandemie en die eindtye, ander het geworstel met die vrae of mense daaragter sit al dan nie. Later het die vrae omtrent vaksinering ook hoogty gevier.

Toe die eerste inperking van 26 Maart tot 16 April op 23 Maart 2020 deur die president aangekondig was, het almal gewonder hoe ons deur dié drie weke sou kom. Hoe kon ons weet wat vir ons voorgelê het?

### 11.2 Vrae wat in Junie 2022 aan gemeentes gevra was:

11.2.1 Hoe het Covid-19 julle gemeente geraak?

11.2.2 Watter veranderings het julle gemaak ten opsigte van die gemeente se projekte en bediening? Wat het julle gelos? Wat het julle nuut begin?

11.2.3 Hoe raak die pandemie julle gemeente se visie vir die gemeente se toekomstige bediening?

In die antwoorde word die swaarkry, seer en bekommernis gelees, maar ook hoop, moed en geloof.

Daar is letterlik enkele gemeentes wat rapporteer dat geen lidmate gesterf het weens Covid nie, terwyl 'n groot aantal vertel van die pyn van 'n rekord getal sterftes en begrafnisse wat tydens beperking soms met enkele mense en soms net elektronies gehou kon word. Baie het ook geworstel omdat hulle nie by siekes en sterwendes kon uitkom nie en hoe om families te troos wat nie daar kon wees om afskeid te neem nie. Verder sukkel baie wat positief getoets het of siek was nog met na-effekte van Covid.

Gemeentes het finansieel swaargekry, baie lidmate het werke verloor en die versorging van hierdie mense het 'n groot fokuspunt by baie gemeentes geword. Besighede het toegemaak en mense het hul harde werk van jare en hul inkomste verloor.

Eredienste wat aanvanklik afgestel moes word en almal gedwing het om uit te saai, te stroom, kort boodskappe deur WhatsApp en elke denkbare wyse aan te stuur, het almal verras met die soepelheid waarmee die kerk kon aanpas. Terwyl sommige gemeentes kundige lidmate gehad het, het veral plattelandse leraars self ontwikkel in kundiges, of hul gesinslede was ingespan as kamera-, klank- en musiek operateurs. Zoom en Teams vergaderings het 'n normale praktyk geword.

Die goeie nuus wat ons hoor is dat die Woord verkondig is en dat nuwe inisiatiewe na vore getree het. Aanlyn groepies is begin, telefoon lyne is warm gebel, pastoraat is op WhatsApp video oproepe gedoen. Die gemeente het skielik ook verander want by sommige gemeentes was dit mense uit die buiteland wat deur familie of vriende by eredienste ingeskakel het en selfs pastorale gesprekke met leraars in ons Sinodale streek gehad het.

Ons hoor die gemis aan die sosiale interaksie met mekaar, die gemeenskap van gelowiges en die dinge wat as vanselfsprekend aanvaar was – om saam te kuier en so ons lewens te deel. Dit kom onder andere uit in woorde soos eredienste, basaars en selgroepe.

Verder het sommige lidmate ‘sonder die kerk begin klaarkom’, en baie het ‘e-lidmate’ geword. Hulle kyk nie noodwendig na hul eie gemeente se erediens nie, want die opsies is soveel groter. Dit laat die vraag of hulle nog lidmate is al dan nie...

Die inperkingstyd is deur sommige gemeentes gebruik om elke lidmaat te bel en te hoor hoe dit gaan. Op hierdie wyse is lidmaat data opdateer, maar is ook gehoor hoe dit gaan – baie leraars rapporteer dat die antwoord by die meeste was dat hulle ‘okay’ is. Die gevoel was dus dat die gesprekke soms oppervlakkig was en nie by die harte uitgekom het nie – dit het nié persoonlike kontak vervang nie.

Daar is ook ontdek dat kerkwees baie meer as die strukture, vergaderings en besluite is – dit gaan oor mense se gedeelde geloof en getuienis oor Jesus Christus as opgestane Here wat hoop en lewe gee. Die dieper behoefte om te kan saamwees het egter interessant uitgespeel dat toe die inperkings verlig is, het mense meer gery as tevore en naweke

gebruik om ‘weg te kom’. Die resultaat is dat die meeste gemeentes rapporteer dat hulle erediensbywoning steeds nie naby die 2019 statistieke kom nie. Dit het by 'n hele aantal die vraag laat ontstaan of lidmate wat nie terug gekom het, nie dalk al tevore los van die gemeente was nie. Die uitdaging is hoe die gemeentes die Evangelie weer nuut by hierdie mense kan uitbring, of is gemeentes gemaklik om hulle ‘te laat gaan’?

Enkele gemeentes beskou die tyd as 'n geleentheid om totaal nuut te kyk na bediening, terwyl baie se fokus lê by hoe ons mense terugkry in die kerk en hoe die finansies van gemeentes kan herstel. Daar is enkele gemeentes wat vra of ons wel sou kon kerk wees sonder die eiendomme en strukture wat duur is om te onderhou. Daar is ook gemeentes wat getuig van wonderbaarlike voorsiening in die uitdagende tye.

Enkele gemeentes het bly worstel met die besluite van die Algemene Sinode in 2019 rakende Selfdegeslag Verhoudings en het ervaar dat sommige lidmate wat in afsondering was tot die slotsom gekom het dat die NG Kerk nie meer vir hulle 'n tuiste is nie. Die inperking het gesprekke nie moontlik gemaak nie en so is baie lidmate in hierdie tyd net los en weg uit die NG Kerk. Gesprekke in die media het nie gehelp nie.

**11.3 Vrae wat in Junie 2022 aan leraars gevra was:**

11.3.1 Hoe het Covid-19 jou gesin geraak? Hoe het dit met julle gegaan? En nou?

11.3.2 As jy terugkyk, hoe voel jy oor jou bediening tydens die pandemie?

11.3.3 Hoe raak die pandemie jou energie vir jou bediening? Waarmee benodig jy hulp of ondersteuning? Wat maak jou opgewonde?

Terwyl sommige leraars getuig van verdieping in hulle gesinsverhoudings en wonderlike tye saam, was daar ook hartseer verhale van verhoudings wat onder geweldige spanning beland het. Veral onder gesinne met klein kinders was die spanning vir beide ouers om saam in een huis ‘aanlyn’ te werk en kinders te versorg en huis skoon te maak 'n geweldige uitdaging. Verder is daar ook leraars wat alleen in hul huise was en wat baie eensaam was en swaar gekry het in 'n tyd waarin hulle moes aanhou gee vir ander, maar nie genoeg ondersteuning ontvang het nie.

Die aanpassing na elektroniese bedieningstyle was vir sommige 'n uitdaging en avontuur en vir ander 'n absolute nagmerrie en dit het gemaak dat hulle geworstel het met hul eie roeping en of hulle in staat is om hierdie nuwe bedieningstyl te hanteer. Sommige het gevoel dat hulle skielik 'n *‘jack of all trades and master of none’* geword het. Terwyl sommige opgewonde is dat die pandemie nuwe permanente bedieningsgeleenthede ontsluit het, het dit vir ander in 'n ondenkbare spanning geword met die vrees dat die verwagting bestaan om vol te hou met hierdie nuwe wyse van elektroniese bediening.

Die meeste leraars voel dat hulle die beste gedoen het wat hulle kon, maar daar is ook by baie 'n skuldgevoel dat hulle nie genoeg kon doen nie, veral in terme van persoonlike kontak – deur daar te wees vir hulle wat gesterf het en vir hulle wat treur. In sommige gebiede is data 'n probleem en was die elektroniese eredienste en boodskappe vir baie lidmate nie toeganklik nie.

Enkele leraars ervaar dat die inperkingstyd hulle met nuwe energie gevul het en nuwe idees ontsluit is, maar die meeste beleef dat hulle sukkel om hul energie terug te kry en die uitdagings van die nuwe tye met krag aan te pak.

## 11.4 Slotsom

Van die Sinode se kant sal ons nuut moet dink oor hoe ons gemeentes kan help om nuut te dink oor kerkwees in 'n na-pandemie tyd. Die vraag by baie is: Hoe kry ons mense terug in die kerk? Miskien is die groter vraag: Hoe kan ons kerk wees en die Evangelie nuut in ons gemeenskappe verkondig in 'n tyd soos dié? Leraars het hulp nodig met die herdefiniëring van hul roeping in 'n tyd van en na 'n krisis. Leraars word nie voldoende geestelik en emosioneel versorg om self geestes gesond te wees nie.

## 11.5 Tafelgesprekke

11.5.1 As ons kyk na 'n tyd soos dié, wat is anders aan die samelewing, gemeenskappe en mense as 3 jaar gelede voor Covid-19?

11.5.2 Lees die teks wat op julle tafel is en praat saam oor wat die uitkoms was van 'n krisis wat plaasgevind het en hoe dit ons hoop gee in 'n tyd soos dié.

11.5.3 Watter innoverende gedagtes het julle om mense in 'n tyd soos dié te bereik en bedien met die Evangelie van Jesus Christus?

## 11.6 AANBEVELINGS

**11.6.1 Met die inligting uit die tafelgesprekke verkry reël die Sinode 'n groter gesprek oor Ekklesiologie met die fokus: het ons praktyk van kerkwees dit moeilik gemaak om steeds kerk te wees?**

**11.6.1.1 Die Sinode besluit om kundiges te kry wat met predikante in 'n werkswinkel-konteks praat oor roeping en gawes.**

**11.6.1.2 Die Sinode besluit dat 'n kreatiewe wyse gevind moet word om na die geestelike en emosionele ondersteuning van predikante om te sien.**

# 12. OOSTELIKE SINODE SE GEMEENTES VAT HANDE MET DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD (CMR)

Die CMR is oor baie jare reeds ons naaste missionale vennoot. Die CMR logo is 'n bekende gesig by baie gemeentes. Die maatskaplike werkers werk in die stilte. Dikwels gaan hulle in waar die meeste van ons dit nie sal waag nie. Tydens die pandemie was maatskaplike werkers in die voorste linie om hulp te verleen. Gemeentes wat hande vat met die CMR, kry in hulle 'n sterk vennoot om met die oë van Jesus na mense in nood te kyk, om met die hart van Jesus mense aan te raak.

CMR Mpumalanga

LOVE · LIGHT · HOPE

*Restoring God's love to the 'world' through social work services*
*by protecting and strengthening children, families and communities.*

CMR
Gauteng-Oos • Gauteng East
CHRISTIAN SOCIAL COUNCIL
CHRISTELIK-MAATSKAPLIKE RAAD
KHANSELE YA LEAGO YA BOKRISTE

**Diens met Deernis / Caring with Compassion.**